Matt. 16:24 Ons bid U, met 'n beroep op u grondelose barmhartigheid, dat U hierdie kind van U genadiglik wil aansien en deur u Heilige Gees in u Seun, Jesus Christus, wil inlyf. Laat hy/sy deur die doop met Christus in sy dood begrawe word en ook met Hom in 'n nuwe lewe opstaan. Gee dat hy/sy, terwyl hy/sy Hom daaglik navolg, sy/haar kruis blymoedig sal dra deur Hom te volg met opregte geloof, vaste hoop en vurige liefde. Laat hy/sy só hierdie lewe, wat tog niks anders as 'n voortdurende sterwe is nie, deur U beloftes getroos mag verlaat en op die laaste dag sonder vrees voor die regterstoel van Christus, u Seun, mag verskyn. Dit bid ons deur u Seun, Jesus Christus, wat saam met U en die Heilige Gees leef en regeer in ewigheid. Amen.

*Die bedienaar spreek die volwassene wat gedoop word, soos volg aan:*

**Vrae** N, u begeer om die heilige doop te ontvang, sodat dit vir u 'n seël van u inlywing in die kerk van God kan wees. Sodat dit kan blyk dat u nie alleen die christelike geloof aanvaar waarin u onderrig is en waarvan u voor ons belydenis gedoen het nie, maar dat u ook, deur die genade van God, daarvolgens wil lewe, moet u voor God en sy gemeente opreg hierop antwoord:

Ten eerste: Glo u in die enige ware God, onderskei in drie Persone: Vader, Seun en Heilige Gees, wat hemel en aarde en alles wat daarin is, uit niks geskep het en so onderhou en regeer dat niks in die hemel of op die aarde sonder sy Goddelike wil gebeur nie?

*Antwoord:* Ja.

Ten tweede: Glo u dat u in sonde ontvang en gebore is sodat die toorn van God op u rus; dat u van nature heeltemal onbekwaam tot enige goed is en tot alle kwaad geneig is; dat u met gedagtes, woorde en dade die geboorte van die Here telkens oortree het, en het u oor hierdie sondes van harte berou?

*Antwoord:* Ja.

Ten derde: Glo u dat Jesus Christus, wat terselfdertyd ware en ewige God en ware mens is, wat sy menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria aangeneem het, vir u deur God tot 'n Saligmaker geskenk is; dat u deur hierdie geloof vergewing van die sondes in sy bloed ontvang en dat u deur die krag van die Heilige Gees 'n lidmaat van Christus en van sy kerk geword het?

*Antwoord:* Ja.

Ten vierde: Stem u in met al die Artikels van die christelike geloof soos dit hier in die christelike kerk uit die Woord van God geleer word, en is u van voorneme om tot die einde van u lewe in hierdie leer te volhard, en alle ketterye en dwalinge wat met hierdie leer bots, te verwerp? Belowe u dat u in gemeenskap met die gemeente getrou die gepredikte Woord sal hoor en die heilige nagmaal sal gebruik?

*Antwoord:* Ja.

Ten vyfde: Het u u van harte voorgeneem om altyd godvresend te lewe en van die wêreld en sy sondige begeerlikhede af te sien soos dit lidmate van Christus en sy gemeente betaam, en sal u u gewillig aan alle christelike vermanings onderwerp?

*Antwoord:* Ja.

Mag ons barmhartige God deur ons Here Jesus Christus aan u sy genade en seën skenk om hierdie heilige voorneme te volbring. Amen.

**Doop** *Daarna sê die bedienaar by die doop:*

N, ek doop u in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

**Dankgebed** Almagtige, barmhartige God en Vader,  
Ons dank en loof U dat U ons en ons kinders, deur die bloed van u geliefde Seun, Jesus Christus, al ons sondes vergewe. Ons dank U dat ons deur u Heilige Gees tot lidmate van u eniggebore Seun en daardeur tot u kinders aangeneem is en dit aan ons met die heilige doop beseël en

Ef. 4:15,16  
Ef. 6:10-13

bekragtig het. Ons bid U ook, deur u geliefde Seun, dat U hierdie broeder/suster altyd met u Heilige Gees wil regeer, sodat hy/sy christelik en godvresend lewe en in die Here Jesus Christus groei. Gee dat hy/sy u vaderlike goedheid en barmhartigheid, wat U aan hom/haar en ons almal bewys het, sal bely. Gee dat hy/sy in alle geregtigheid onder ons enigste Leraar, Koning en Hoëpriester, Jesus Christus, sal lewe en moedig teen die sonde, die duiwel en sy hele ryk sal stry en oorwin, om U en u Seun, Jesus Christus, en die Heilige Gees, die enigste ware God, ewig te loof en te prys. Amen.

## AFLEGGING VAN BELYDENIS VAN GELOOF

### Aan die

#### gemeente

Hand. 2:39  
Rom. 8:17  
1 Tim. 1:15  
Kol. 2:2  
Gen. 17:9  
1 Tim. 6:12  
1 Joh. 1:3

Here,

God het in Jesus Christus die verbond van genade met ons en ons kinders opgerig. As kinders en erfgename het ons deel aan die volle rykdom van die weldade van hierdie verbond, maar word ons ook tot gehoorsaamheid aan en aanvaarding van die verbond geroep. Daarom moet verbondskinders, wanneer hulle tot die nodige insig gekom het, hulle geloof openlik voor die gemeente bely, asook hulle voorneme om deur die krag van die Heilige Gees die verbondsgemeenskap met God te onderhou.

Gelei deur die Gees van God en sy Woord het hierdie broeders en susters die kerkraad gevra om hulle geloof hier openlik te bely. Nadat hulle behoorlik onderrig en ondervra is, is die kerkraad daarvan oortuig dat elkeen van hulle toegerus is om tot sodanige persoonlike belydenis te kom. Daarom word aan elkeen van hulle nou afsonderlik geleentheid daarvoor gegee.

Gal. 4:6  
Ef. 4:12

### Aan die

#### voornemende belyers

Deut. 6:4  
Matt. 28:19  
Ps. 51:7  
Rom. 7:21  
Heb. 10:10  
Ef. 1:5  
1 Pet. 1:21

Geliefdes,

Julle kom nou hier voor die aangesig van God en in die midde van sy gemeente om jul geloof te bely. Daarom versoek ek julle om op die volgende vrae opreg te antwoord:

Ten eerste: Glo jy in die enige ware God: Vader, Seun en Heilige Gees, in wie se Naam jy gedoop is?

Ten tweede: Glo en bely jy dat, al is jy in sonde ontvang en gebore en nog steeds tot alle boosheid geneig, jy tog in Christus geheilig is, deur die Vader tot sy kind aangeneem is, en deur die Heilige Gees tot 'n nuwe gehoorsaamheid opgewek is?

Ten derde: Glo en bely jy dat die Ou en Nuwe Testament die Woord van God en die volkome leer van die saligheid is, soos dit ook in die Belydenisskrifte van die Vrye Gereformeerde Kerke uitgedruk word en hier in die kerk geleer word?

1 Tim. 4:16  
Joh. 15:4  
Deut. 6:5  
1 Sam. 15:22  
1 Pet. 1:14  
1 Kor. 1:30  
1 Pet. 2:5  
1 Pet. 2:2  
Fil. 2:4  
Hand. 1:8  
Spr. 8:33  
Matt. 18:15

Ten vierde: Is dit jou voorneme om deur die genade van God in hierdie leer tot die einde van jou lewe standvastig te volhard, die verbondsgemeenskap met God te onderhou, Hom van harte lief te hê en in gehoorsaamheid aan sy Woord te dien? Is dit jou voorneme om van die wêreld en sy begeerlikheid af te sien, jou lewe en saligheid buite jouself in Christus te soek en so hierdie belydenis met 'n godvresende lewe te bevestig?

Ten vyfde: Beloof jy, terwyl jy nou deel mag hê aan die volle gemeenskap met die kerk van Christus, om as 'n lewende lid van die kerk die bediening van Woord en sakramente ywerig te soek? Beloof jy om jou gawes gewillig en met vreugde aan te wend tot nut en saligheid van die ander lede en tot uitbouing van die koninkryk van God? Beloof jy dat jy jou aan die christelike vermaning en tug sal onderwerp as jy afvallig sou word in leer of lewenswyse?

N, wat is hierop jou antwoord?

*Antwoord:* Ja.

### Opwekking en verwelkoming

Matt. 24:13

Noudat julle openlik jul geloof in God bely het en sy verbondsbeloftes, wat in die doop verseël is, aanvaar het, roep ons julle op om hierin te volhard.

In die Naam van ons Here Jesus Christus heet ons jul hartlik welkom in die volle gemeenskap met die volk van God. Mag die God van alle genade, wat ons tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus geroep het, nadat ons 'n kort tyd gely het, jul volmaak, bevestig, versterk en grondves. Aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid. Amen.

Geliefdes in die

## VIERING VAN DIE HEILIGE NAGMAAL (1)

<b>Instelling</b>	Gemeente van ons Here Jesus Christus, Die apostel Paulus beskryf die instelling van die heilige nagmaal deur ons Here Jesus Christus soos volg: <i>Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.</i>
1 Kor. 11:23-29	
1 Kor. 11:28 Luk. 22:19	Om die nagmaal tot versterking van ons geloof te kan hou, is dit nodig dat ons onself vooraf volgens die Skrif sal ondersoek en dat ons dit sal hou soos Christus beveel het, naamlik tot sy gedagtenis.
<b>Selfondersoek</b>	Die selfondersoek bestaan uit drie dele:
Rom. 7:24,25	Ten eerste: Elkeen van ons moet nadink oor ons sondes en vervloeking en besef dat ons God se toorn verdien. Vanweë die sonde sal ons 'n afkeer kry van onself en ons voor God verootmoedig. God se toorn teen die sonde is so groot dat Hy sy geliefde Seun Jesus Christus met die verskriklike kruisdood gestraf het eerder as om die sonde ongestraf te laat bly.
Heb. 10:5-10 Jes. 53:5	
Rom. 3:24 2 Kor. 5:21	Ten tweede: Ons moet elkeen ons eie hart ondersoek of ons die vaste belofte van God glo dat al ons sondes ons slegs op grond van die lyding en dood van Jesus Christus vergewe is en dat die geregtigheid van Christus só volmaak aan ons geskenk is asof ons self vir al ons sondes betaal het en geregverdig is.
Rom. 12:1,2 Miga 6:8 1 Joh. 2:11 Ef. 4:2	Ten derde: Ons moet elkeen onself ondersoek of ons van voorneme is om van nou af met ons hele lewe uit ware dankbaarheid God te dien en opreg voor Hom te lewe. Ons moet ook onself ondersoek of ons ernstig van voorneme is om alle vyandskap, haat en afguns te laat vaar en van nou af in liefde en vrede met ons naaste te lewe.
<b>Uitnodiging en tereg wysing</b>	God wil almal wat só gesind is, sekerlik in genade aanneem en as waardige tafelgenote van sy Seun, Jesus Christus, beskou. Maar almal wat nie so 'n gesindheid het nie, eet en drink 'n oordeel oor hulleself. Volgens die bevel van Christus en van die apostel Paulus vermaan ons almal wat in skandelike sonde lewe, om nie die nagmaal van die Here te gebruik nie, en ons verkondig aan hulle dat hulle geen deel aan die ryk van Christus het nie. Die volgende sondaars word genoem: Almal wat nie op die Here alleen wil vertrou nie of wat Hom op eiewillige wyse wil vereer; almal wat die naam van die Here vloek of op enige ander manier misbruik; almal wat nie die kerkdienste getrou bywoon nie en die verkondiging van die Woord of die heiligheid van die sakramente minag; almal wat aan hulle ouers of ander gesagsdraers ongehoorsaam is; alle moordenaars en almal wat hulle naaste haat en nie met hulle versoen wil word nie; alle getroudes of ongetroudes wat hulle liggame nie as tempels heilig nie; almal wat inhelig, verkwistend of wêrelds lewe; alle leuenaars en kwaadsprekers; samevattend, almal wat hulle in woord en wandel soos ongelowiges gedra. Hulle almal moet, solank hulle in sulke sondes volhard, nie die nagmaal gebruik nie, sodat hulle oordeel en verdoemenis nie nog swaarder word nie.
1 Kor. 11:28,29 1 Kor. 5:4,5	
<b>Ons soek ons lewe in Christus</b>	Broeders en susters, die bedoeling is egter nie om die gelowiges wat reeds verslae van hart is, te ontmoedig nie. Dit is nie asof slegs dié wat sonder enige sonde is, na die nagmaal van die Here mag kom nie. Ons kom tog nie na die nagmaal om daarmee te kenne te gee dat ons volmaak en regverdig is nie. Intendeel, ons erken juis nou dat ons ons lewe buite onself in Christus soek, dat ons uit onself dood is. Sonder twyfel is daar nog baie sondes en gebreke
Jes. 57:15	

Rom. 7:24  
Fil. 3:12-14  
Rom. 7:23  
Ps. 19: 13,14  
1 Joh. 1:9

in ons hart en lewe: ons het nie 'n volmaakte geloof nie; ons dien God nie met so 'n ywer as wat Hy van ons vra nie. Ons moet daaglik teen ons swak geloof en sondige begeertes stry. Ons het egter deur die genade van die Heilige Gees oor hierdie sonde opreg berou. Ons begeer om teen ons ongeloof te stry en volgens al die gebooie van God te lewe. Daarom mag ons seker wees dat geen sonde of swakheid wat teen ons wil in ons oorgebly het, kan verhinder dat God ons in genade aanneem en waardig maak om deel te hê aan hierdie hemelse voedsel en drank nie.

### **Ons gedenk Christus**

Luk. 22:19  
Gal. 4:4  
Jes. 53:4  
Luk. 22:44  
Luk. 22:54  
Luk. 23:14  
Rom. 3:25  
Kol. 2:14  
Gal. 3:13  
Matt. 27:46  
Heb. 9:15  
Joh. 19:30

Kom ons dink nou na oor die doel waarmee die Here Jesus die nagmaal ingestel het, naamlik dat ons dit tot sy gedagtenis moet doen. Ons behoort Hom soos volg te gedenk:

Ons Here Jesus Christus is deur die Vader in hierdie wêreld gestuur soos wat Hy reeds in die Ou Testament belof het. Hy het ons vlees en bloed aangeneem. Deur sy hele lewe op aarde het Hy die toorn van God, waaronder ons ewig moes vergaan, vir ons gedra. So het Hy in alle gehoorsaamheid aan die Goddelike wet die geregtigheid vir ons volbring, veral toe die las van ons sonde en van die toorn van God Hom van angs bloed laat sweet het in Getsémané. Daar het hy Hom laat boei om ons vry te maak. Daarna het Hy onvoorstelbare vernedering deurgemaak sodat ons nooit meer in skande sou raak nie. Hy is onskuldig tot die dood veroordeel, sodat ons voor God vrygespreek kon word. Hy het sy geseënde liggaam aan die kruis laat spyker om die skuldbrief van ons sonde daaraan vas te heg, en so tot niet te maak. Hy het die vervloeking wat op ons was, op Hom gelaai om ons met sy seën te vervul. Aan die kruishout het Hy Hom, na liggaam en siel, tot in die allerdiepste angste van die hel verneder. Toe het Hy uitgeroep: *My God, my God, waarom het U My verlaat*, sodat ons deur God aangeneem en nooit meer deur Hom verlaat sou word nie. Hy het met sy dood en bloedstorting die Nuwe Testament, die verbond van genade en versoening, vir ewig bevestig toe Hy gesê het: *Dit is volbring!*

### **Christus voed ons tot die ewige lewe**

1 Kor. 11:24,25

Die Here Jesus het tydens die laaste Paasmaaltyd die nagmaal ingestel sodat ons vas kan glo dat ons aan sy genadeverbond behoort. Hy het die brood geneem, en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek, aan sy dissipels gegee en gesê: *Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis*. Net so het Hy na die ete die beker geneem, met dié woorde: *Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; Doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis*. Dit beteken: So dikwels as wat julle van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, sal dit vir julle soos 'n betroubare pand wees, wat julle aan My hartlike liefde en trou aan julle herinner en daarvan verseker. Ek het mos vir julle, wat anders die ewige dood moes sterwe, my liggaam aan die kruishout in die dood gegee en my bloed gestort. En Ek voed en verkwik julle hongerige en dorstige siele met my gekruisigde liggaam en uitgestorte bloed tot die ewige lewe. Dit is net so seker as die brood en wyn wat julle hier tot my gedagtenis eet en drink.

Joh. 6:53-57

Heb. 10:14

Joh. 6:51

Rom. 8:11

Uit hierdie instelling van die heilige nagmaal leer ons dat Jesus ons geloof en vertrouwe op sy volmaakte eenmalige kruisoffer rig as die enigste fondament van ons saligheid. Daardeur het Hy die ware voedsel en drank van die ewige lewe vir ons siele geword. Deur sy dood het Hy die oorsaak van ons ewige honger en kommer, naamlik die sonde, weggeneem en het Hy vir ons die lewendmakende Gees verwerf. Deur dié Gees, wat in Christus as die Hoof en in ons as sy lede woon, kan ons in ware gemeenskap met Hom lewe en in al sy rykdom, die ewige lewe, geregtigheid en heerlikheid deel.

### **Ons word in broederlike liefde saamgebind**

1 Kor. 11:26  
Mark. 14:25  
Op. 19:6-9

Ons word ook deur dieselfde Gees as lede van een liggaam in ware broederlike liefde saamgebind, soos die apostel sê: *Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood*. Daarom moet ons almal wat deur ware geloof in Christus ingelyf is saam een liggaam wees. Omdat Christus, ons geliefde Saligmaker, ons eerste so uitnemend liefgehad het, moet ons ook aan mekaar liefde bewys met woord en daad. Mag die barmhartige God en Vader van ons Here Jesus Christus deur sy Heilige Gees ons hiermee help. Amen.

### **Ons verwag Christus se wederkoms**

1 Kor. 11:26  
Mark. 14:25  
Op. 19:6-9

Christus het ons beveel om die nagmaal te vier totdat Hy kom. Ons geniet aan die tafel 'n voorsmaak van die oorvloedige vreugde wat Hy ons belowe het. Ons sien met groot verlange uit na sy verskyning in heerlikheid, na die bruilofsmaal van die Lam, wanneer Hy die wyn saam met ons sal drink in die koninkryk van sy Vader. Laat ons daarom bly wees, ons vreugde wys en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam kom.

<b>Verootmoediging</b>	Laat ons ons nou voor God verootmoedig en Hom met ware geloof om sy genade aanroep.
<b>Gebed om oorgawe aan Christus</b>	Barmhartige God en Vader, Deur hierdie nagmaal herdenk ons die heerlike gedagtenis van die bittere dood van u geliefde Seun Jesus Christus. Ons bid U dat U deur u Heilige Gees 'n opregte vertrouwe in ons harte sal bewerk om ons al meer aan u Seun Jesus Christus oor te gee. Laat hierdeur ons verslae harte met sy liggaam en bloed, ja, met Hom, waaragtige God en mens, gevoed word. Onderhou ons so deur u Heilige Gees met die ware brood uit die hemel. Gee hierdeur ook dat ons nie meer in ons sonde bly lewe nie, maar Hy in ons en ons in Hom. Laat ons só waarlik deel hê aan die ewige en nuwe verbond van genade, sonder om te twyfel dat U ewig ons genadige Vader is wat ons ons sondes nooit toereken nie, en ons as u geliefde kinders en erfgename na liggaam en siel met alle dinge versorg. Verleen ons u genade om blymoedig ons kruis op te neem, onself te verloën en ons Heiland te bely. Leer ons om in alle droefheid met verlange ons Here Jesus Christus uit die hemel te verwag, waar Hy ons sterflike liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons tot in ewigheid by Hom sal neem.
Matt. 6:9-13	<i>Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.</i>
<b>Belydenis van geloof</b>	Laat ons nou met hart en mond ons geloof bely saam met die Kerk van alle eeue: <i>Ek glo in God die Vader, die Almagtige, skepper van hemel en aarde, en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here – wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is, en neergedaal het na die hel; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode, opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader; waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en dooies te oordeel. Ek glo in die Heilige Gees. Ek glo aan 'n heilige, algemene, christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes, die opstanding van die liggaam en die ewige lewe.</i>
<b>Viering van die nagmaal Brood en wyn is sigbare tekens</b>	Om met die ware hemelse brood, Christus, gevoed te word, moet ons nie net ons oë rig op die sigbare tekens van brood en wyn nie, maar ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus ons Voorspraak aan die regterhand van sy hemelse Vader is. Laat ons vas glo dat ons lewe net so werklik deur die werking van die Heilige Gees met sy liggaam en bloed gevoed en verkwik word as wat ons die brood en drank tot sy gedagtenis ontvang.
Joh. 6:35 Rom. 8:34 <b>Van ons gemeenskap met Christus</b>	<i>As die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar:</i> Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet, gedenk en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gegee is tot 'n volkome versoening van al ons sondes. <i>En as hy die beker aangee:</i> Die beker van danksegging waaroor ons die danksegging uitspreek, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit; gedenk en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes. <i>Ná die bediening sê die bedienaar:</i>
<b>Lofverheffing</b> Ps.103:1-4, 8-13	Geliefdes in die Here, aangesien die Here ons siele nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam sy Naam met dankbaarheid prys en in ons harte soos volg sê: <i>Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede ... Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig die toorn behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees.</i>

*So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees.*

Rom. 8:32  
Rom. 5:8-10  
Ps. 116:17-19

Hy het ons so liefgehad dat Hy selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het en ons alles genadiglik met Hom skenk. Aangesien God reeds sy liefde vir ons daarin bewys het dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was, soveel te meer sal ons deur Hom van sy toorn gered word nou dat ons in sy bloed geregtig is. As ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, hoeveel te meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons met Hom versoen is. Daarom sal ek met hart en mond die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid. Amen.

#### **Dankgebed**

Almagtige, barmhartige God en Vader,  
Ons dank U met ons hele hart dat U u eniggebore Seun aan ons geskenk het as 'n Middelaar en offer vir ons sondes, en as spys en drank van die ewige lewe. Ons dank U dat U ons 'n opregte geloof gee, waardeur ons hierin kan deel. U het die nagmaal laat instel om ons geloof te versterk. Ons bid U, getroue God en Vader, dat deur die werking van u Heilige Gees die vrug van die nagmaal mag wees dat ons daaglik toeneem in ware geloof en in die gemeenskap met Christus. Dit bid ons deur Hom, u geliefde Seun, Jesus Christus. Amen.

## **VIERING VAN DIE HEILIGE NAGMAAL (2)**

#### **Instelling**

Gemeente van ons Here Jesus Christus,

Luk. 22:14-20

Die nagmaal is deur ons Verlosser self ingestel. *En toe die uur kom, het Hy aan tafel gegaan en die twaalf apostels saam met Hom. En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie pasga met julle te eet voordat Ek ly. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie. En toe Hy 'n beker geneem het, dank Hy en sê: Neem dit en deel dit onder julle. Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie drink van die vrug van die wynstok voordat die koninkryk van God gekom het nie. Daarop neem Hy brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Dit is my liggaam wat vir julle gegee word; doen dit tot my gedagtenis. Net so neem Hy ook die beker ná die maaltyd en sê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed wat vir julle uitgestort word.*

#### **Gedagtenis**

1 Tim. 3:16

In gehoorsaamheid aan die woorde van Christus, "doen dit tot my gedagtenis", herdenk ons met die gebruik van die nagmaal dat Jesus Christus ooreenkomstig God se belofte deur die Vader na hierdie wêreld gestuur is. Die Here Jesus het Homself as 'n offer gegee vir ons wat sondaars is. Met blydschap bely ons dat ons lewe in sy dood berus. Ons dank ons getroue Heiland wat as Goeie Herder sy lewe vir sy skape afgelê het en verbly ons in die Goddelike geheimenis: *God is geopenbaar in die vlees, is geregtig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid.*

#### **Selfondersoek en versekering**

Die groot geskenk van God se genade in Christus spoor ons aan om vanweë ons sonde 'n afkeer van onself te hê en ons voor God te verootmoedig. Met blydschap en dankbaarheid gryp ons vas aan die versekering dat al ons sondes vergewe is op grond van die lyde en sterwe van Jesus Christus ons Here en Heiland. Sy volkome geregtigheid is ons toegereken en geskenk. Ons kom daarom met ons hande uitgestrek na die oorfloedige Gewer, as siekes na die Geneesheer, as sondaars na die Werker van geregtigheid, as dooies na Hom wat lewend maak. Christus is die enigste voedsel van ons siele. Daarom nooi die hemelse Vader ons uit om deur deelname aan die nagmaal deur Hom verkwik te word en nuwe krag uit Hom te put totdat ons die hemelse onsterflikheid bereik. Die onmiskenbare tekens en seëls van die brood en wyn verseker ons van Christus se hartlike liefde en trou. Ons kan weet dat Hy in ons alles werk wat in die tekens aan ons voorgehou word, en dat Hy inderdaad vir ons die Brood van die lewe is.

#### **Gemeenskap**

Die seëninge van die nagmaal word net so seker aan ons gegee asof ons Christus self in die nagmaal sien en aanraak. Die brood en wyn betuig en beseël aan ons dat Christus sy lewe in die nagmaal in ons oorgiet, asof dit in murg en been indring. Wanneer die brood as teken aan ons gegee word, moet ons dadelik aan die ooreenkoms dink: Soos die brood die lewe



Gal. 2:20	van ons liggaam voed, onderhou en beskerm, so is die liggaam van Christus die enigste voedsel om ons siele te voed en lewendig te maak. Wanneer die wyn as teken van die bloed van Christus aan ons voorgesit word, moet ons onthou dat die bloed van Christus ons koester, verkwik, versterk en met blydschap vul. Dit doen Christus nie deur bloot 'n teken aan ons voor te hou nie, maar Hy volbring dit deur die Gees wat Hy beloof. Deur die Gees laat Christus ons in sy gemeenskap lewe, sodat ons met die apostel mag sê: <i>ek is met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my</i> . Hy maak van ons lote aan Hom, die Hemelse Wynstok, sodat ons vir Hom vrugte kan dra. Deur dieselfde Gees verbind Hy ons aan mekaar in egte liefde as lede van een liggaam. Want dit is immers aan tafel saam met Christus waar sy bevel tot ons kom: <i>Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het</i> .
Joh. 15:12	Soos brood saamgestel is uit baie korrels wat so met mekaar vermeng is dat die een nie van die ander onderskei kan word nie, so betaam dit ons om so eensgesind en verbind aan mekaar te wees dat daar geen tweedrag of skeiding onder ons mag voorkom nie. Jesus waarsku ons immers: <i>Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes</i> . Terwyl ons aan die tafel die heerlike teenwoordigheid van Jesus Christus deur sy Woord en Gees ervaar, dink ons weer aan die bevel van Jesus: <i>Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het</i> .
Matt. 12:5	
Joh. 15:12	
<b>Verwagting</b>	Die apostel Paulus plaas die nagmaal binne die perspektief van Christus se wederkoms wanneer hy sê: <i>Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom</i> . Wanneer ons die nagmaal vier, ervaar ons die vreugde om deel te hê aan die nuwe verbond in Christus se bloed. Ons dank die Vader dat ons die verlossing waarvan die profete geprofeteer het, mag ken. Tegelyk sien ons met die viering van die nagmaal uit na die verskyning van ons Verlosser in heerlijkheid en die ewige huweliksfees waartydens ons vol vreugde saam met Hom die nuwe wyn sal drink in die koninkryk van sy Vader. Met groot blydschap bid ons saam met God se kerk: <i>Amen, ja kom, Here Jesus!</i>
1 Kor. 11:26	
Op. 22:20	
<b>Gebed</b>	Barmhartige God en Vader, ons wil nou met hierdie nagmaal die heerlike gemeenskap met u geliefde Seun, Jesus Christus, vier. Ons bid U: Stuur ons u lewendmakende Gees, sodat ons gevoed kan word met die ware brood uit die hemel wat die ewige lewe skenk. Amen.
<b>Lied</b>	(bv. Skrifberyming 18)
<b>Hart-verheffing</b>	Laat ons ons harte omhoog hef na Christus waar Hy aan die regterhand van die Vader sit. Kom almal met blydschap en eensgesindheid na die tafel van die Here toe. Dank Hom vir sy groot liefde wat Hy aan ons betoon het toe Hy homself as offer vir ons oorgegee het, en wat Hy steeds betoon deur al sy weldade aan ons te skenk.
<b>Uitdeel- formule</b>	Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet, dink daaraan en glo dat die liggaam van Christus vir ons gegee is.
<b>Danksegging</b>	Die beker van danksegging, waaroor ons die danksegging uitspreek, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit, dink daaraan en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.  Laat ons met mond en hart die lof van die Here verkondig: (Sing: Psalm 103:1, 3, 4, 5 of Psalm 138 of 'n ander geskikte lied).

## HEILIGE NAGMAAL (KORT FORMULIER)

<b>Instelling</b>	Gemeente van ons Here Jesus Christus,  Die Apostel Paulus beskryf die instelling van die heilige nagmaal deur ons Here Jesus Christus soos volg: Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. Net so ook die beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my
1 Kor. 11:23-29	

bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldige wees aan die liggaam en bloed van die Here. Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.

1 Kor. 11:28 Om tot versterking van ons geloof die nagmaal te kan hou, is dit nodig dat ons onself vooraf reg sal ondersoek. Daarom moet ons nadink oor ons sonde en vervloeking, sodat ons 'n afkeer kry van onself en ons met diepe berou voor God verootmoedig.

**Selfbeproeving** Ons moet onself ondersoek of ons die vaste belofte van God glo dat al ons sondes ons slegs op grond van die lyding en dood van Jesus Christus vergewe is en dat die geregtigheid van Christus so volmaak aan ons geskenk is asof ons self vir al ons sondes betaal het en geregverdig is. Ons moet ons gewetens ondersoek of ons van voorneme is om van nou af met ons hele lewe uit ware dankbaarheid God te dien en opreg voor Hom te lewe. Ons moet ook onself ondersoek of ons ernstig van voorneme is om opreg alle vyandskap, haat en afguns te laat vaar en van nou af in liefde en vrede met ons naaste te lewe.

Rom. 3: 24  
2 Kor. 5:21  
Rom. 12:1,2  
Miga 6:8

**Uitnodiging en teregwyding** Almal wat uit genade van die Heilige Gees bedroef is oor hul sondes en begeer om teen hul ongeloof te stry en volgens die geboorte van God te lewe, sal God sekerlik in genade aanneem en aan die tafel van sy Seun Jesus Christus ontvang. Daarom mag ons heeltemal seker daarvan wees dat geen sonde of swakheid wat teen ons wil in ons oorgebly het, kan verhinder dat God ons in genade aanneem en waardig maak om deel te hê aan hierdie hemelse voedsel en drank nie. Maar almal wat nie opreg bedroef is oor hulle ongeregtheid en hulle nie van hul sondes wil bekeer nie, aan hulle verkondig ons dat hulle geen deel het aan die ryk van Christus nie. Ons vermaan hulle om die nagmaal van die Here nie te gebruik nie, anders vererger hulle hul oordeel.

1 Joh. 1:9

Gal. 5:16-21

**Gedagtenis**

1 Kor 11:24,25

Luk. 22:44  
Matt. 26:66  
Gal. 3:13

Mark. 15:34

Joh. 19:30

**Versekering**

Luk. 22:19  
Joh. 6:51

**Gemeenskap**

1 Kor. 10:17

**Verwagting van Christus se wederkoms**

1 Kor. 11:26  
Mark 14:26  
Op. 19:6-9

Christus beveel ons om hierdie maaltyd tot sy gedagtenis te vier. Daarom gedenk ons dat ons Here Jesus Christus deur die Vader na hierdie wêreld gestuur is, dat Hy ware mens geword het en as sondelose Lam die toorn van God gedurende sy hele lewe op aarde vir ons gedra het. Ons herdenk dat die las van die sonde en van die toorn van God Hom van angs bloed laat sweet het in Getsémané. Daar het Hy Hom laat boei om ons vry te maak. Hy is onskuldig tot die dood veroordeel, sodat ons voor God vrygespreek kan word. Hy het sy liggaam aan die kruis laat spyker om so ons vervloeking op Hom te laai en om ons met sy seën te vervul. God het Hom verlaat sodat ons nooit weer deur God verlaat sou word nie. Eindelik het Hy met sy dood en bloedstorting die nuwe verbond vir ewig bekragtig toe Hy gesê het: *Dit is volbring!*

So dikwels as wat ons nou hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, word hierdie tekens 'n onmiskenbare versekering van Christus se hartlike liefde en trou. Hy het sy liggaam aan die kruis in die dood gegee en sy bloed gestort, om ons hongerige en dorstige siele met sy gekruisigde liggaam en uitgestorte bloed tot die ewige lewe te voed en te verkwik. Dit is so seker soos die brood en wyn wat ons hier tot sy gedagtenis eet en drink.

Christus het ook deur sy lyding en sterwe die lewendmakende Gees van God vir ons verwerf. Deur dié Gees kan ons in ware gemeenskap met Hom lewe en in al sy rykdom deel. Ons word ook deur dieselfde Gees as lede van een liggaam in ware broederlike liefde saamgebind. Soos die apostel Paulus sê: *Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.* Daarom moet ons almal wat deur ware geloof in Christus ingelyf is, ter wille van Christus wat ons eerste so uitnemend liefgehad het, saam een liggaam wees. Ons moet dit met woord en daad aan mekaar bewys.

Christus het ons gebied om die nagmaal te vier totdat Hy kom. Ons geniet aan die tafel 'n voorsmaak van die oorvloedige vreugde wat Hy ons belowe het. Ons sien met groot verlange uit na sy verskyning in heerlijkheid, na die bruilofsmaal van die Lam, wanneer Hy die wyn saam met ons sal drink in die koninkryk van sy Vader. Laat ons daarom bly wees, ons vreugde wys en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam kom.

Laat ons nou, om dit alles te verkry, ons voor God verootmoedig en Hom met ware geloof om sy genade aanroep.

- Gebed** Barmhartige God en Vader,  
Ons dank U van harte dat U u eniggebore Seun as offer vir ons sondes en tot hemelse spys en drank gegee het. Ons bid U, gee in hierdie nagmaal deur u Heilige Gees 'n opregte vertroue in ons harte om ons al meer met 'n vaste vertroue aan u Seun Jesus Christus oor te gee. Gee dat ons met Hom, die hemelse brood, gevoed word en nie meer in ons sondes lewe nie, maar Hy in ons en ons in Hom. Laat ons so waarlik deel hê aan die ewige en nuwe verbond van genade, sonder om te twyfel dat U ewig ons genadige Vader is. Laat ons vas vertrou dat U ons sondes nooit meer sal toereken nie, en dat U ons as u geliefde kinders en erfgename met al die nodige na liggaam en siel sal versorg. Skenk ons u genade om blymoedig ons kruis op te neem, onself te verloën en ons Heiland te bely en onder alle droefheid vol vertroue ons Here Jesus uit die hemel te bly verwag, Hy wat ons sterflike liggaam aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons tot in ewigheid by Hom sal neem.
- Matt. 6:9-13 *Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*
- Opwekking** Om dan nou met die ware hemelse brood, Christus, gevoed te word, moet ons nie net die oë rig op die sigbare tekens van brood en wyn nie, maar ons harte ophef na die hemel, waar Jesus Christus ons Voorspraak aan die regterhand van ons hemelse Vader is. Laat ons ook vas glo dat ons net so seker met sy liggaam en bloed gevoed en verkwik word as wat ons die brood en drank tot sy gedagtenis ontvang.
- Viering** *As die brood gebreek en uitgedeel word, sê die bedienaar:*  
Die brood wat ons breek, is die gemeenskap met die liggaam van Christus. Neem, eet, gedenk en glo dat die liggaam van ons Here Jesus Christus gegee is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.  
*En as hy die beker aangee:*  
Die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is die gemeenskap met die bloed van Christus. Neem, drink almal daaruit; gedenk en glo dat die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes.  
*Ná die bediening sê die bedienaar:*
- Lofverheffing** Geliefdes in die Here, aangesien die Here ons siele nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam sy Naam met dankbaarheid prys en in ons harte soos volg sê:  
Ps. 103:1-4,8-13 *Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam. Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede. Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid. Hy sal nie vir altyd twis en nie vir ewig sy toom behou nie. Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie. Want so hoog as die hemel is bo die aarde, so geweldig is sy goedertierenheid oor die wat Hom vrees. So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortreding van ons. Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. Daarom sal my mond en hart die lof van die Here verkondig van nou af tot in ewigheid. Amen.*
- Gebed** Almagtige, barmhartige God en Vader,  
Ons dank U dat ons aan hierdie tafel van ons Here Jesus Christus van die brood kon eet en uit die beker kon drink. So het ons die dood van ons Here as die enigste grondslag van ons heil verkondig. Ons loof U omdat ons deur die Heilige Gees geniet het van die vreugde van die gemeenskap met u Seun, sowel as met mekaar. Ons vra U, gee dat ons in ons geloof gesterk deur hierdie nagmaal, vrugte van dankbaarheid voortbring. Laat ons ook in ons hele lewe hartlike liefde betoon aan U en aan mekaar. Gee dat ons met volharding die wederkoms van ons Heiland verwag. Hy wat belooft het dat Hy die vrug van die wynstok weer saam met ons in sy koninkryk sal drink. Aan U, Vader, die Seun en die Heilige Gees, kom die lof toe, van nou af tot in ewigheid. Amen.

## UITSLUITING UIT DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS

<b>Eerste afkondiging</b>	<p>Gemeente van ons Here Jesus Christus, Die kerkraad moet met droefheid aan u meedeel dat 'n broeder/suster van hierdie gemeente hom/haar skuldig gemaak het aan ...</p> <p>Ten spyte van herhaalde vermanings het hy/sy geen teken van berou getoon nie. Daarom moes die kerkraad hom/haar die nagmaal weier. Dit het egter nie tot sy/haar bekering gelei nie en herhaalde vermanings daarna was ook vrugtelos.</p> <p>Die kerkraad is geroepe om nou die tugbediening verder toe te pas en sal hierdie broeder/suster moet uitsluit as hy/sy hom/haar nie bekeer van sy/haar sondige weë nie. Die kerkraad maak dit nou vir die eerste keer aan u bekend en roep u ernstig op om aanhoudend tot die Here te bid om hierdie broeder/suster tot bekering te bring.</p>
<b>Tweede afkondiging</b>	<p>Gemeente van ons Here Jesus Christus, Die kerkraad moes reeds voorheen aan u bekendmaak dat 'n broeder/suster van hierdie gemeente hom/haar skuldig gemaak het aan ...</p> <p>Daar is ook bekendgemaak dat die heilige nagmaal hom/haar ontsê is, omdat hy/sy geweier het om hom/haar te bekeer. Ook nadat die tug verder toegepas is, is daar geen teken van bekering by hom/haar gevind nie.</p> <p>Nadat die kerkraad toestemming van die kerkverband verkry het, deel ons u met droefheid mee dat ons verplig is om meer ingrypende tugmaatreëls toe te pas. Ons maak nou die naam van hierdie broeder/suster bekend.</p> <p>Die kerkraad roep u ernstig op om broeder/suster N liefdevol te vermaan. Bid tot die Here om hom/haar tot bekering te bring, sodat die sonde uit die gemeente geweer en die sondaar gered mag word.</p>
<b>Derde afkondiging</b>	<p>Gemeente van ons Here Jesus Christus, Die kerkraad was nou reeds twee maal verplig om u mee te deel dat broeder/suster N hom/haar skuldig maak aan ... Daar is toe bekendgemaak dat hy/sy hom/haar nie wou bekeer nie en dat die heilige nagmaal hom/haar geweier is.</p> <p>Die kerkraad was vervolgens verplig om meer ingrypende tugmaatreëls toe te pas. Tot nou toe is daar nog geen teken van bekering by hierdie broeder/suster gevind nie. Intendeel, alle vermanings het vrugtelos gebly. Daarom deel die kerkraad met droefheid vir die derde keer mee dat verder teen hierdie broeder/suster opgetree moet word.</p> <p>As hy/sy hom/haar nie bekeer nie, sal hy/sy op DATUM uit die gemeenskap van die kerk uitgesluit word. Vir die laaste keer roep die kerkraad u op om hom/haar liefdevol te vermaan. Bid vurig tot die Here of Hy hierdie broeder/suster tot bekering sal bring sodat hy/sy hom/haar nie tot die uiterste toe verhard nie.</p>
<b>Verantwoording</b>	<p>Gemeente van ons Here Jesus Christus, Die kerkraad het nou reeds drie maal aan u bekend gemaak dat N in sonde leef. Die doel van hierdie afkondigings was dat hy/sy hom/haar deur middel van julle gebede en vermanings tot God sou bekeer en so uit die mag van die Satan, wat hom/haar in sy greep hou, verlos sou word.</p> <p>Tot ons droefheid het niemand egter aan die kerkraad berig dat daar enigsins 'n teken van berou was nie; ten spyte daarvan dat hy/sy baie gewaarsku is. Die skuld wat reeds ernstig is, word vererger deur sy/haar hardnekkige volharding in sy/haar sondes.</p> <p>Die kerkraad was lank geduldig, maar is nou verplig om oor te gaan tot die laaste moontlike uitweg wat God ons in sy Woord bied, naamlik die uitsluiting uit sy gemeente.</p>
1 Kor. 5:5	<p>Die doel van hierdie uitsluiting is om hom/haar beskaamd te maak oor sy/haar sondes en om te verhinder dat hierdie siek lid die hele liggaam van die gemeente van Christus besmet, en veral om te verhoed dat God se Naam gelaster word.</p>
2 Tess. 3:14	
<b>Uitsluiting</b> Joh. 20:23 Matt. 18:18	<p>Christus het die uitoefening van die tug met hierdie woorde aan sy ampsdraers opgedra: <i>Voorwaar, Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind sal in die hemel gebonde wees, en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbunde wees.</i></p> <p>Daarom verklaar ons as herders en opsieners van hierdie gemeente in die naam van ons Here Jesus Christus dat N, wat homself/haarself reeds uit die gemeente gesluit het, nou uitgesluit word. Hy/sy staan nou buite die gemeenskap van Christus en van sy Koninkryk, en het geen 1 Kor 5:13</p>

Matt. 18:17 reg op die sakramente nie. Hy/sy deel nie meer in die geestelike seëninge en beloftes wat Christus aan sy gemeente skenk nie.

Solank as wat hy/sy in sy/haar sonde volhard, moet u hom/haar volgens die bevel van Christus beskou as 'n heiden en tollenaar.

**Oproep tot Die gemeente**  
2 Tess. 3:14,15

Ons vermaan u om hom/haar nie as 'n vyand te beskou nie. Intendeel, probeer om hom/haar te vermaan soos u 'n medegelowige sou vermaan. Moet egter geen nou verbintnisse met hom/haar aangaan nie, sodat hy/sy kan besef dat hy/sy hom/haar moet bekeer.

1 Kor. 10:12 Hierdie uitsluiting, gemeente, is vir ons 'n voorbeeld met 'n waarskuwing.

Laat ons die Here vrees en noukeurig op ons eie lewenswandel let. *Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.* Bly in die gemeenskap met die Vader en sy Seun Christus en ook met alle opregte Christene om so die ewige lewe te beërwe. U het gesien hoe die broeder/suster wat nou afgesny is, die spoor byster geraak het. Leer hieruit hoe listig Satan te werk gaan om die mens in die verderf te stort en hulle afkerig maak van God, sy Woord, en die sakramente.

Heb. 12:1,2

1 Pet. 5:8 Waak teen die geringste wortel van die kwaad. Laat ons elke las afgooi, ook die sonde, wat ons so maklik verstrik. Loop met volharding die wedloop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman, die Voleinder van die geloof.

Luk. 22:46 Wees nugter, waak en bid om nie aan die versoeking toe te gee nie. As u die stem van die Here hoor, moenie uself verhard nie. Werk met vrees en bewing aan u saligheid.

Heb. 4:7 Laat elkeen berou hê oor sy sondes sodat die Here ons nie weer verneder en ons weer oor 'n ander gemeentelid bedroef moet wees nie. Leef eensgesind en godvresend. Wees ons kroon en blydskap in die Here.

Fil. 2:12

Fil. 4:1

1 Tess. 2:19

God alleen is dit wat in ons werk om te lewe na sy welbehae. Laat ons daarom sy Naam aanroep met belydenis van ons sonde.

#### **Gebed**

Fil. 2:13

Regverdige God, barmhartige Vader,

Ons bely dat ons swaar teen U gesondig het. Ons erken dat ons die droefheid en smart van hierdie afsnyding van ons broeder/suster verdien het. Weens ons oortredinge verdien ons almal om van U teenwoordigheid uitgesluit te word.

Ons bid U, wees ons om Christus ontwil genadig. Ons het berou oor ons sondes en vra om vergewing. Ons bid U, verwek deur u Gees in ons die wil om U al hoe meer te dien. Bewaar ons van besmetting deur die wêreld en van dié wat van U afgedwaal het. U het geen behae in die dood van die sondaar nie, maar wel daarin dat hulle hul bekeer en lewe. Daarom mag ons almal terug ontvang wat hulle tot U bekeer. Maak ons ywerig om die afgesnyde broeder/suster en ander wat afgedwaal het weer tot U terug te bring deur ons vermaning en voorbeeld. Seën ons vermanings sodat ons verbly kan word oor almal wat ons nou rede tot droefheid gee, en sodat u heilige Naam geprys sal word.

*Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

## **UITSLUITING VAN DOOPLIDMATE UIT DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS**

### **Eerste**

#### **afkondiging**

ons Here Jesus Christus,

Die kerkraad moet u met droefheid meedeel dat 'n dooplidmaat van hierdie gemeente hom/haar skuldig maak aan ... Ten spyte van herhaalde en ernstige vermanings was daar geen teken van ware berou nie.

Die kerkraad is daarom met innige droefheid verplig om verder teen hom/haar op te tree. As hy/sy in sy/haar sondes volhard, sal voortgegaan moet word om hierdie verbondskind uit die gemeenskap van die kerk uit te sluit. Die kerkraad maak dit vir die eerste keer bekend en roep u ernstig op om aanhoudend vir hom/haar te bid, sodat dit God mag behaag om hom/haar tot bekering te bring.

### **Tweede**

#### **afkondiging**

Gemeente van

Gemeente van ons Here Jesus Christus,

Volgens die advies van die kerkverband, moet die kerkraad met droefheid aan die gemeente

meedeel dat N, wat 'n dooplidmaat van hierdie gemeente is, ten spyte van herhaalde en ernstige vermanings volhard het in sonde deur ... Tensy hy/sy binne (TYDPERK) werklike berou toon en sy/haar lewenswyse verander, sal die kerkraad verplig wees om hierdie verbondskind uit die gemeenskap van die kerk uit te sluit weens sy/haar moedswillige ongehoorsaamheid aan die verbond van God. Die gemeente word aangespoor om hierdie lidmaat met liefde te vermaan en aanhoudend tot die Here te bid vir sy/haar bekering.

#### **Uitsluiting**

Gemeente van ons Here Jesus Christus,

Die kerkraad moes reeds voorheen met droefheid aan die gemeente bekendmaak dat N, wat 'n dooplidmaat van hierdie gemeente is, ten spyte van ernstige en herhaalde vermanings, hardnekkig volhard het in sonde deur ... Die kerkraad is nou verplig om hierdie broeder/suster uit die gemeenskap van die heiliges uit te sluit. Hy/sy het geen deel aan die heil van Christus tensy hy/sy hom/haar van sy/haar verkeerde pad bekeer nie. Daarom moet die kerkraad nou aan die gemeente bekendmaak dat N, ten spyte van herhaalde vermanings, hardnekkig die gemeenskap met Christus en sy kerk weier; hierdie gemeenskap wat deur die doop aan hom/haar beteken en verseël is. Ons as ouderlinge van die kerk van God, wat op hierdie plek in die Naam en met die gesag van Jesus Christus ons Here vergader is, verklaar hier voor u almal dat vir die genoemde redes ons hiermee N uitsluit uit die kerk van God. Solank as wat hy/sy hom/haar hardnekkig verhard en sonder opregte berou in sy/haar sondes bly lewe, bly hy/sy uitgesluit uit die gemeenskap van Christus, van die heilige sakramente en van alle geestelike seëninge wat God aan sy gemeente belowe.

#### **Oproep tot**

#### **Die gemeente**

Matt. 18: 17,18

Behandel hom/haar daarom soos 'n heiden en 'n tollenaar volgens die bevel van Christus wat sê dat alles wat sy bedienaars op die aarde toesluit, in die hemel toegesluit bly.

2Tess. 3:14,15

Geliefde Christene, ons vermaan u, vermy hom/haar sodat hy/sy beskaam kan word. Moet hom/haar egter nie soos 'n vyand behandel nie, maar vermaan hom/haar soos u 'n broeder/suster sou vermaan.

Heb. 3:12

Verder, sien toe dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en julle van die lewende God afvallig word nie.

Ef. 6:1-4

*Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg. Eer jou vader en jou moeder – dit is die eerste gebod met 'n belofte – sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde. En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.*

1 Pet. 5:

*Net so moet julle, jongeres, aan die oueres onderdanig wees.*

1 Joh. 2:15-17

*Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig.*

Fil. 2:13

Maar aangesien dit God is wat in ons werk om te lewe na sy welbehae, laat ons sy heilige Naam aanroep met belydenis van ons sondes.

#### **Gebed**

Regverdige God, barmhartige Vader, ons bely dat ons swaar teen U gesondig het. Ons erken dat ons die droefheid en smart van hierdie afsnyding van ons broeder/suster verdien het. Ja, weens ons oortredinge verdien ons almal om van u teenwoordigheid uitgesluit te word. Ons bid U, wees ons om Christus ontwil genadig. Ons het berou oor ons sondes en vra om vergifnis. Ons bid U, verwek deur u Gees in ons die wil om U al hoe meer te dien. Bewaar ons van besmetting deur die wêreld en van die wat van U afgedwaal het. U het geen behae in die dood van die sondaar nie, maar wel daarin dat hy/sy hom/haar bekeer en lewe. Daarom mag ons almal terug ontvang wat hulle tot U bekeer. Maak ons ywerig om die afgesnyde broeder/suster en ander wat afgedwaal het weer tot U terug te bring deur ons voorbeeld en vermaning. Seën ons vermanings sodat ons verbly kan word oor almal wat ons nou rede tot droefheid gee. Laat so u Naam geheilig word.

*Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die bese. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, maar verlos ons van die Bese. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid. Amen.*

## OM 'N AFGESNYDE LIDMAAT WEER IN DIE GEMEENTE VAN CHRISTUS OP TE NEEM

### Afkondiging

Geliefdes in die Here Jesus Christus,  
Die kerkraad maak met vreugde aan u bekend dat N, wat 'n tyd gelede uit die gemeente uitgesluit is, die opregte begeerte het om weer in die gemeente opgeneem te word.  
Deur die geneesmiddel van die afsnyding sowel as deur ernstige vermanings en gebede vir hom/haar het hy/sy so ver gekom om sy/haar sondes te bely, berou te betoon en hom/haar van sy/haar sondige pad te bekeer. Ons moet volgens die bevel van God dié wat hulle bekeer, weer met blydskap in die gemeenskap ontvang. Daarom sal die kerkraad N, na instemming deur die gemeente, van die afsnyding onthef, sodat hy/sy weer aan die viering van die heilige nagmaal deel kan hê. As iemand hierteen 'n wettige beswaar het, moet hy/sy die kerkraad betyds in kennis stel. Ons wil die Here dank vir sy ontferming oor hierdie broeder/suster, en bid dat Hy sy werk aan hom/haar wil voltooi tot sy ewige heil. Amen.

### Opneming

2 Kor. 2

Geliefdes in die Here Jesus Christus,  
Die kerkraad het met vreugde aan u bekend gemaak dat broeder/suster N hom/haar opreg bekeer het sodat hy/sy weer in die gemeente van Christus opgeneem kan word.

Nadat die Here Jesus in Matt. 18 die vonnis van sy kerk in die afsnyding van die onboetvaardige sondaars bevestig het, verklaar Hy onmiddellik daarby dat alles wat sy dienaars op die aarde oopsluit, in die hemel oopgesluit bly. Daarmee leer Hy ons dat wanneer iemand deur sy kerk afgesny is, alle hoop op die saligheid hom nie ontnem is nie, maar dat hy weer van die bande van die verdoemenis vry kan word. God verklaar in sy Woord dat Hy nie in die dood van die sondaar behae het nie, maar wel daarin dat hy hom bekeer en lewe. Daarom het die kerk ook nog altyd hoop op die bekering van die afgedwaalde sondaar en hou sy arms oop om die bekeerde weer te ontvang.

Eseg. 18:23

Joh. 20:23

Daarom hoef niemand wat hom/haar opreg bekeer, enigsins daaraan te twyfel dat hy/sy beslis deur God in genade aangeneem is nie.

Christus self bevestig dit immers: As julle die mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie.

2 Kor. 2:6-8

Verder beveel Paulus nie net dat 'n sondaar uit die gemeente verwyder moet word nie, maar ook dat hy/sy vergewe en bemoedig moet word nadat hy/sy tot insig gekom het. Verwelkom hom/haar daarom in liefde en loof die Here.

### Aanspraak

Geliefde broeder/suster in die Here Christus,  
U staan hier voor God en sy heilige gemeente om openlik te verklaar dat die afsnyding regverdig was, dat u u sondes bely het, berou getoon het en u van die verkeerde pad bekeer het. Ons versoek u daarom om opreg op elkeen van die volgende vrae te antwoord.

### Vrae

Glo u dat die Here u sondes ter wille van Jesus Christus vergewe het?

*Antwoord:* Ja.

Begeer u om weer in die gemeente van Christus opgeneem te word?

*Antwoord:* Ja.

Beloof u om u voortdurend te bekeer en getrou volgens die Woord van God te lewe?

*Antwoord:* Ja.

Matt. 18:18

N, in die Naam van ons Here Jesus Christus verklaar ons dat die afsnyding nou opgehef is.

Ef. 4:12-16

Rom. 8:30

U is weer in die gemeente van Christus opgeneem en het daarom weer deel aan die gemeenskap van Christus, aan die heilige sakramente en aan alle geestelike seëninge wat God aan sy gemeente belowe. Wees verseker van die genade van God, en waak en stry teen die sonde, die duivel en sy listigheid.

Mag God u om Jesus ontwil tot die einde toe bewaar. Amen.

Luk. 15:24

Luk. 15:1-10

En u, geliefde gemeente, ontvang u broeder/suster in hartlikheid en liefde weer terug in die ryk van God, as 'n broeder/suster in die gemeente. Wees bly, want hy/sy was dood en het weer lewend geword, was verlore en is gevind.

Verheug u saam met die engele in die hemel oor hierdie sondaar wat hom/haar bekeer het.

Laat ons nou die Here loof en dank!

### Dankgebed

Eseg. 18:23  
Matt. 18:18  
Ef. 4:23,24

Ons Vader wat in die hemel is,  
Ons dank U vir die bekering en die nuwe lewe wat U aan ons broeder/suster geskenk het. Ons verheug ons oor u genade en lankmoedigheid.

Matt. 24:13

Ons bid U: wees hom/haar steeds genadig en vernuwe hom/haar na u ewebeeld, sodat hy/sy U in blydskap kan dien.

Skenk hom/haar krag om tot die einde toe in die geloof te volhard en laat ons uit hierdie voorbeeld leer dat daar by U genade is. Ons bid U, verseker hom/haar en ons dat ons almal ter wille van Jesus Christus mede-erfgename van die ewige lewe is. Amen.

## BEVESTIGING VAN BEDIENAARS VAN DIE WOORD

### Inleiding

ons Here Jesus Christus,

Die kerkraad het nou reeds twee keer die naam afgekondig van die predikant wat ons beroep het, broeder N, om vas te stel of daar enige besware is teen sy bevestiging. Aangesien niemand enige wettige besware teen sy leer of lewe ingebring het nie, gaan ons nou oor tot sy bevestiging.

### Onderwysing

Vir dié doel moet ons almal eers luister na wat die Heilige Skrif ons leer oor die amp van die bedienaar van die Woord.

Ef. 4:11,12  
Joh. 10:11  
1 Pet. 5:1-4  
Jer. 3:15

God, ons Hemelse Vader, wil uit die verdorwe menslike geslag 'n gemeente saamroep en vergader tot die ewige lewe. Hiervoor wil Hy van mense gebruik maak. Daarom skenk Christus vanaf sy hemelse troon ampsdraers aan sy gemeente. Die apostel Paulus sê naamlik: *En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus.*

Jer. 23:4

Die goeie Herder, wat voortdurend vir sy kudde sorg, stel herders aan om in sy Naam die skape te laat wei. Hulle versorg hierdie kudde van Christus deur die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente en deur die diens van die gebede. So word die kudde opgepas en op die regte pad gelei.

Hand. 6:4

Aanvanklik is hierdie taak in die christelike kerk deur die apostels verrig. Later het hulle onder leiding van die Heilige Gees in elke gemeente ouderlinge aangestel. Volgens 1 Tim. 5:17 was daar ouderlinge wat leiding gegee het en ook ouderlinge wat geroep was tot prediking en onderwys. Laasgenoemde noem ons nou bedienaars van die Woord. Hulle het die bediening van die versoening ontvang waarvan Paulus sê: *En dit alles is uit God wat Homself met ons versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het, naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. Ons tree dan op as gesante om Christus wil, asof God deur ons vermaan. Ons bid julle om Christus wil: laat julle met God versoen.*

2 Kor. 5:18-20

### Take

Ons kan die taak van die bedienaar van die Woord soos volg omskrywe:

2 Tim. 4:1,2

Ten eerste moet hulle die Woord van God suiwer en volledig aan hul gemeente verkondig. Hulle doen dit volgens die bevel van die apostel Paulus: *Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering.* In navolging van hierdie apostel verrig hulle hierdie werk in die openbaar en by die gelowiges aan huis. Hulle moet alle dwalings en kettery met die Woord van God weerlê, die onvrugbare werke van die duisternis ontmasker en die gemeentelede oproep om navolgers van God te wees en in die lig te wandel.

Hand. 20:20

Ef. 5:8-14

Verder moet hulle die gemeentelede besoek, die siekes vertroos, die jeug van die kerk en ander wat deur God geroep is, onderrig in die heilige Skrif waarin die weg van saligheid deur geloof in Jesus Christus gevind word. Deur hierdie vermaning en vertroosting roep hulle die hele gemeente tot die heil van Christus.

2 Tim. 3:15

Hand. 2:42

Ten tweede is die bediening van die sakramente aan hulle opgedra, omdat Christus die bediening hiervan aan die evangelieverkondiging verbind het. Daarom is dit die taak van die bedienaars van die Woord om die doop te bedien volgens die bevel van Christus: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.* Ook moet hulle die nagmaal bedien soos Christus beveel het toe

Matt. 28:19

Gemeente van



Luk. 22:19	Hy gesê het: <i>Doen dit tot My gedagtenis.</i>
Gen. 4:26 1 Tim. 2:1,2	Ten derde is dit hulle taak om as voorgangers van die gemeente tydens die erediens die Naam van die Here aan te roep en met smeking, voorbedding en danksegging te bid vir alle mense, ook vir dié wat regeer of gesag uitoefen.
1 Kor. 14:33,40 Titus 1:7 1 Tim. 3:1-5 1 Pet. 5:2,3	Ten vierde moet hulle saam met die ouderlinge, as toesighouers van die huis van God, sorg dra dat alles in die gemeente welvoeglik en ordelik geskied volgens die opdrag van God. So hou hulle toesig oor die leer en lewe van die gemeente en beskerm hulle die kudde van God.
Matt 18:18	Volgens Christus se opdrag beskik hulle oor die sleutel van die christelike tug, waarmee hulle die koninkryk van die hemel oopsluit vir die gelowiges en toesluit vir die ongelowiges. Hieruit blyk dit hoe belangrik die werk van die bedienaars van die Woord is, want hierdeur wil God mense tot die saligheid roep. Hulle word genoem: Die sterre in die regterhand van Christus wat wandel tussen die kandelare, naamlik sy gemeentes. Hulle dra in hierdie werk 'n groot verantwoordelikheid. Paulus skryf aan Timotheüs: <i>En wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ander te leer.</i> Wanneer hulle as herders van die kudde getrou was in hulle diens, sal hulle wanneer die Opperherder kom, die heerlikheid as onverganklike kroon ontvang.
Op. 1:16,20	
2 Tim. 2:2	
1 Pet. 5:4	
<b>Bevestiging</b>	<p>Geliefde broeder N, u is nou gereed om u amp te aanvaar. Ons versoek u om voor God en sy heilige gemeente op die volgende vrae te antwoord:</p> <p>Ten eerste: Is u daarvan oortuig dat God self u deur sy gemeente tot hierdie heilige diens geroep het?</p> <p>Ten tweede: Erken u dat die geskrifte van die Ou en Nuwe Testament die enige Woord van God en die volkome leer van die verlossing is, en verwerp u alles wat daarmee in stryd is?</p> <p>Ten derde: Beloof u dat u ooreenkomstig hierdie leer u amp getrou sal bedien en u daarby godvresend sal lewe?</p> <p>Ten vierde: Beloof u om u aan die kerklike vermaning en tug volgens die kerkorde te onderwerp, indien u in leer of lewe sou afwyk? Wat is hierop u antwoord?</p> <p><i>Antwoord: Ja.</i></p> <p><i>(Vir diegene wat nog nie die amp van bedienaar van die Woord beklee het nie, sal die voorganger by die uitspraak van die volgende seën die hande oplê.)</i></p>
<b>Seën</b>	Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie diens geroep het, u versterk, u deur sy Heilige Gees verlig en u in die uitoefening van u amp so lei dat u daarin gehoorsaam sal wees en u werk vrug sal dra tot eer van sy Naam en tot uitbreiding van die ryk van Jesus Christus. Amen.
<b>Opdrag</b>	Geliefde broeder in Christus,
Hand. 20:28 1 Tim. 4:12-16 1 Pet. 5:2,3 1 Tim. 5:7b 2 Tim. 4:2 2 Tim. 2:3 1 Tim. 4:14,15	God ons Vader het hierdie gemeente vir Hom verkry deur die bloed van sy eie Seun. Die Heilige Gees het u as opsiener en herder oor hierdie gemeente aangestel. Hou toesig oor uself. Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, wandel, liefde, geloof en reinheid. U moet Christus liefhê en as herder sy skape laat wei, oor hulle toesig hou, nie uit dwang nie, maar gewillig en vol toewyding soos die Here dit van u vra. Weerhou u ook van heerssug oor dié wat aan u herderlike sorg toevertrou is. Verkondig die suiwer leer, sodat die gemeente deur u prediking en onderwysing gehoorsaam mag bly aan die Woord van God. Verdra alle lyding en verdrukking soos 'n goeie krygsman van Christus. Moenie die genadegawes waarmee die Here u vir hierdie diens toegerus het, verwaarloos nie. Volhard voluit in u taak, want daardeur sal u uself red, sowel as die wat u hoor, en die Here sal met u wees.
1 Tim. 4:16	
<b>Gemeente</b>	Geliefde broeders en susters, die Here het hierdie dienaar aan u gegee. Dink daaraan dat God self u deur hom aanspreek. Neem daarom die woorde aan wat hy volgens die Skrif tot u spreek. Ontvang hierdie dienaar met blydskap, want lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig. Betoon aan hom die nodige agting vanweë sy werk. Bid vir hom sodat hy sy taak goed kan verrig. Wees hom gehoorsaam en volg sy leiding, want hy hou wag oor u siel en moet aan God rekenskap gee. Laat hy sy werk met vreugde doen en nie teensinnig nie.
1 Tess. 2:13 Fil. 2:29 Rom. 10:15 Jes. 52:7 Heb. 13:17	
Matt. 10:12-13	As u hierdie dienaar van die Here so ontvang, sal God se vrede oor u kom en sal u deur Christus die ewige lewe beërwe.

## Gebed

Omdat ons uit onself nie tot hierdie dinge in staat is nie, laat ons nou die almagtige God aanroep:

Barmhartige Vader,

U vergader deur u Seun, Jesus Christus, uit die verlore menslike geslag 'n gemeente tot die ewige lewe. Ons dank U dat U die gemeente wil vergader deur die diens van mense, en aan u kerk hierdie bedienaar van die Woord wil skenk.

Ons bid U, maak hom deur u Gees bekwaam vir die diens waartoe U hom geroep het. Verlig sy verstand sodat hy u Woord kan verstaan en open sy mond sodat hy met vrymoedigheid die evangelie kan verkondig. Gee hom wysheid en trou om die kudde waarvoor hy aangestel is, op die regte pad te lei en in christelike vrede te bewaar. Versterk hom dat hy sy diens só verrig dat u kerk daardeur bewaar en vermeerder sal word. Bemoedig en vertroos hom deur u Gees, sodat hy standvastig bly in moeite en beproewings, en eendag saam met al die getroue diensknegte sal ingaan tot die fees van die Here.

Gee dat almal wat aan sy sorg toevertrou is, hierdie dienaar as u gesant erken. Gee dat hulle die leer en vermaning van Christus waarmee hierdie herder tot hulle kom, sal aanneem en hulle met blydschap aan sy leiding sal onderwerp. Gee dat almal deur sy diens in Christus kan glo en die ewige lewe kan beërwe. Verhoor ons, o barmhartige Vader, deur ons Here Jesus Christus. In sy Naam bid ons:

*Onse Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, en lei ons nie in versoeking nie maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

## BEVESTIGING VAN SENDELINGE

### Inleiding

Gemeente van ons Here Jesus Christus, die kerkraad het nou reeds twee keer die naam afgekondig van die predikant, broeder N, wat ons as sendeling wil bevestig. Aangesien niemand enige wettige beswaar teen sy leer of lewe ingebring het nie, gaan ons nou, in die Naam van die Here, tot sy bevestiging oor.

### Onderwysing

Vir dié doel moet ons almal eers luister na wat die Heilige Skrif ons leer oor die instelling en ampswerk van die bedienaars van die Woord wat uitgestuur word om die evangelie aan alle volke te verkondig.

Op. 5:9  
Joh. 3:16,17  
Joh. 10:11,12  
Hand. 2:39  
Joh. 10:16  
Joh. 15:26,27  
Joh. 20:21,22  
1 Joh 4:14  
Rom. 10:14,15,  
17

Ons hemelse Vader roep en vergader uit elke stam en taal en volk en nasie 'n gemeente tot die ewige lewe. Hiervoor het Hy sy eniggebore Seun na die wêreld gestuur. Hy het gekom as die goeie Herder wat sy lewe aflê vir sy skape sodat hulle die lewe in oorvloed mag ontvang. Hy roep nie net sy skape uit Israel nie, maar uit alle volke en lei hulle na sy kraal sodat dit een kudde sal wees met een Herder. Om sy kerk te vergader, het die Here Christus die Gees van die waarheid gestuur. Hierdie Gees het deur die apostels getuig dat Jesus die Christus is. Soos die Vader vir Christus gestuur het, so het Hy self ook hierdie apostels gestuur. Hulle het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Heiland van die wêreld gestuur het. Dit is die roeping van die gemeente om hierdie getuienis van die apostels in die wêreld te verkondig en daardeur die mense tot die geloof in Christus te bring. Van die tyd van die apostels af het die Heilige Gees die gemeente opgedra om sekere manne, wat deur God daarvoor geroep word, af te sonder vir hierdie werk. Om hierdie opdrag uit te voer, het die gemeente 'n bedienaar van die Woord van die Here Jesus Christus ontvang.

Hand. 13:2

Volgens die opdrag van Jesus Christus en sy apostels, behels dit die volgende:

Ef. 2:12,13

Ten eerste behoort hy die Woord van God te verkondig aan hulle wat sonder Christus is, sodat die wat ver is, naby kom deur die bloed van Christus. Tans is hulle uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God en sy beloftes en verbond af, en sonder hoop in die wêreld.

2 Kor. 5:19,20

As gesant van Christus is aan hom die bediening van die versoening toevertrou *want God het in Christus die wêreld met Homself versoen*. Daarom sal hy in die Naam van Christus vra: *Laat julle met God versoen*. Hy moet vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is waarin hy onderrig is, sodat hy in staat sal wees om ander met die gesonde leer te vermaan

Titus 1:9

en die argumente van teenstanders te weerlê.

Matt 28:19	Ten tweede behoort hy dié wat deur die onderwysing dissipels van Christus geword het, te doop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Hy moet hulle leer om alles te onderhou wat die Here Christus aan sy gemeente beveel het.
Ef. 4:21	Omdat Christus aan sy gemeente opdrag gegee het om sy dood te verkondig totdat Hy kom, behoort hy die nagmaal te bedien in die vergadering van die gelowiges. Die gelowiges wat in leer of lewe sondig, moet hy vermaan. Indien hulle hul nie steur aan die vermanings nie, moet hy hulle die gebruik van die sakramente ontsê. <i>Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van die duiwels nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafels van die duiwels nie.</i>
1 Kor. 11:23-26	
1 Kor. 10:21	
Hand. 14:23	Ten derde moet hy, sodra dit moontlik is, volgens die voorbeeld en opdrag van die apostel Paulus, betroubare manne as ouderlinge en diakens aanstel. Hulle moet bekwaam wees in die onderwysing van ander en 'n herder wees vir God se gemeente. Hy mag niemand oorhaastig die hande oplê om hom in dié amp te bevestig nie.
Titus 1:5,6	
2 Tim. 2:2	
Hand. 20:28	
1 Tim. 5:22	Om hierdie opdrag uit te voer het die Here Christus, aan wie alle mag gegee is, sy apostels, en deur hulle ook sy gemeente, bemoedig met hierdie belofte: <i>En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.</i> Dan sal die heilige stad, die nuwe Jerusalem, neerdaal uit die hemel. Dan sal die belofte vir die stad tot vervulling kom: <i>Want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp en die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlijkheid en eer daarin.</i>
Matt. 28:18	
Matt. 28:20	
Op. 21:10	
Op 21:23b,24	Hieruit blyk hoe belangrik die werk van sendelinge is, want God wil daardeur mense tot saligheid bring. Sendelinge dra in hierdie werk 'n groot verantwoordelikheid. Paulus skryf aan Timotheüs: <i>En wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ander te leer.</i>
2 Tim. 2:2	
2 Tim. 4:8	Wanneer hulle in hul diens getrou was, wag vir hulle die kroon van geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, aan hulle sal gee.
<b>Bevestiging</b>	Geliefde broeder N, u is nou gereed om die diens in die gemeente te aanvaar. U moet daarom voor God en sy heilige gemeente op die volgende vrae antwoord: Ten eerste: Is u in u hart oortuig dat God self u deur sy gemeente tot hierdie heilige diens geroep het? Ten tweede: Bely u dat die Skrifte van die Ou en Nuwe Testament die enige Woord van God en die volkome leer van die saligheid is en verwerp u alles wat daarmee in stryd is? Ten derde: Beloof u dat u ooreenkomstig hierdie leer u amp getrou sal beoefen, in noue samewerking met die kerkraad van hierdie gemeente, en dat u godvresend sal lewe? Ten vierde: Beloof u om u aan die kerklike vermaning en tug volgens die kerkorde te onderwerp as u in leer of lewe sou afwyk?  Wat is hierop u antwoord?  <i>Antwoord: Ja.</i>  <i>(Vir diegene wat nog nie die amp van bedienaar van die Woord beklee het nie, moet die voorganger by die uitspraak van die volgende seën die hande oplê.)</i>
<b>Seën</b>	Mag God, ons hemelse Vader, wat u tot hierdie diens geroep het, u versterk, u deur sy Heilige Gees verlig en u in die uitoefening van u amp so lei dat u daarin gehoorsaam sal wees en u werk vrug sal dra tot eer van sy Naam en tot uitbreiding van die ryk van sy Seun, Jesus Christus. Amen.
<b>Opdrag</b>	Geliefde broeder in Christus, God het u deur sy gemeente geroep as dienaar van Jesus Christus. Gaan dan deur die krag van die Heilige Gees uit tot die arbeid. Moenie skaam wees vir die getuienis van ons Here nie, maar ly verdrukking vir die evangelie deur die krag van God wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping.
2 Tim. 1:8,9	
2 Tess. 3:1	Geliefde broeders en susters, ontvang hierdie dienaar met blydskap. Bid vir hom dat die Woord, net soos by u, vinnig mag versprei. Vra die Here dat baie van hulle wat sy prediking van die evangelie hoor, hulle tot God mag bekeer. Smeek ons Hemelse Vader dat Hy ons broeder (en sy gesin) sal bewaar op al sy (hulle) weë. Aan Hom wat magtig is om te versterk,
Ps. 91:11	
Rom. 16:25,27	

die enigste en alwyse God, behoort die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen.

## **Gebed**

Omdat ons uit onself nie tot hierdie dinge in staat is nie, laat ons die almagtige God aanroep:

Barmhartige Vader,

Ons dank U dat dit U behaag om uit die verlore menslike geslag, deur die diens van mense 'n gemeente tot die ewige lewe te vergader. Vandag het U hierdie gemeente genadiglik van 'n getroue bedienaar van die Woord voorsien om in diens van die evangelie onder die volke te arbei.

Ons bid U, maak hom deur u Gees al hoe meer bekwaam vir die diens waarvoor U hom geroep het. Open sy verstand om u Heilige Skrif te verstaan en gee aan hom 'n woord om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak sodat baie tot die geloof in Jesus Christus bekeer mag word. Gee hom wysheid en insig om diegene onder wie hy arbei in christelike vrede voor te gaan, sodat deur sy bediening die uitverkorenes vergader mag word. Skenk hom wysheid en volharding in alle moeite en verdrukking wat hy in sy diens mag teëkom. Versterk hom deur die troos van u Heilige Gees, sodat hy tot die einde toe standvastig kan bly in u Woord en eendag saam met al u getroue diensknegte in die vreugde van sy Here ontvang mag word.

Ons bid U, gee ons (en die samewerkende gemeentes) u genade sodat ons mag sien wat u hand doen in die verkondiging van hierdie evangelie. Gee ook dat ons hierdie dienaar voortdurend opdra aan U in ons gebede sodat ons ons mag verbly in die oorwinningstog van die evangelie tot aan die eindes van die aarde. Vergader almal wat U uitverkies het, sodat die groot dag van Jesus Christus spoedig mag aanbreek. Verhoor ons, Vader, deur u geliefde Seun, wat ons geleer het om so te bid:

*Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

## **BEVESTIGING VAN OUDERLINGE EN DIAKENS**

### **Inleiding**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Die kerkraad het nou verskeie kere die naam/name afgekondig van ons medebroeder(s) wat as ouderling(e) en diaken(s) van hierdie gemeente verkies is, om te verneem of iemand enige beswaar daarteen het dat hy/hulle in sy/hul amp bevestig mag word. Aangesien niemand enige wettige besware teen sy/hul leer of lewe voorgelê het nie, sal ons nou tot die bevestiging oorgaan.

### **Onderwysing**

Vir dié doel moet ons eers luister na wat God se Woord ons leer oor die amp van ouderlinge en diakens. As hoof van die kerk sit Christus aan die regterhand van God die Vader en regeer en versorg sy gemeente op aarde. Hiervoor wil Christus van die diens van mense gebruik maak, en daarom skenk Hy ampsdraers aan sy gemeente. Die apostel Paulus wys dit vir ons wanneer hy sê: *En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus.* So wys Christus dat Hy die goeie Herder is, en stel Hy herders aan om in sy Naam die skape te laat wei.

Ef. 4:11,12

Joh. 10:11

1 Pet. 5:1-4

Jer. 3:15; 23:4

### **Ouderlinge**

Hand. 14:23

1 Tim. 5:17

1 Tim. 4:14

Oor die amp van ouderling lees ons in die Nuwe Testament dat die apostels, gelei deur die Gees van Christus, in elke gemeente ouderlinge, wat ook oudstes genoem is, gekies het. Reeds in die Ou Testament het die woord oudste 'n persoon aangetoon wat 'n regerende posisie beklee het. In die eerste christelike gemeente was daar ouderlinge wat leiding gegee het en ouderlinge wat ook geroep was om te preek en te onderrig. Laasgenoemde noem ons bedienaars van die Woord. Saam met hulle vorm die ouderlinge die raad van die gemeente van Christus. Christus beskerm sy kerk teen heerssugtige individue deur ouderlinge en bedienaars van die Woord aan te stel om die kerk te lei.

- 1 Pet. 5:2 Die Nuwe Testament spreek op verskillende plekke oor die taak van die ouderlinge. Die regering en herderlike versorging van die gemeente word aan hulle, saam met die bedienaars van die Woord, toevertrou.
- Hand. 20:28-31  
1 Tess. 2:11,12  
1 Tess. 5:14  
Titus 1:9  
Matt. 18:17,18 Ten eerste moet hulle toesien dat elke lidmaat van die gemeente in leer en lewe handel volgens die evangelie. Hulle moet getrou die lidmate van die gemeente besoek om hulle met die Woord van God te vertroos, te vermaan en te onderrig. Dié lidmate wat in leer of lewe dwaal, moet tereggewys word. Verder moet hulle na die beste van hulle vermoë sorg dat die sakramente nie onheiligh word nie. Oor hulle wat in hul sondes volhard, moet die christelike tug uitgeoefen word.
- Titus 1:7  
1 Kor. 14:33 Ten tweede moet hulle as beheerders van die huis van God toesien dat alles in die gemeente vreedsaam en ordelik plaasvind soos Christus dit beveel. Hulle moet toesien dat niemand die amp sonder wettige roeping beklee nie. Verder moet hulle die bedienaars van die Woord met goeie raad en met die daad bystaan.
- Hand. 20:28-31 Ten derde moet die ouderlinge toesig hou oor die leer en lewe van die bedienaars van die Woord. Daar mag geen dwaalleringe verkondig word nie en die gemeente moet in elke opsig opgebou word. Die apostel Paulus vermaan die ouderlinge om toe te sien dat geen wolwe onder die kudde van Christus inkom nie.
- 1 Tim. 3:1-7  
1 Tim. 4:7,8 Om getroue herders oor die kudde van God te kan wees, moet ouderlinge die Woord van God deeglik ondersoek en hulle oefen in die diens van God.
- Mark. 10:45  
Luk. 22:27  
Joh. 13:15  
Hand. 2:45  
Hand. 4:32-37  
Matt. 25:31-46  
Rom. 12:13  
Heb. 13:2,16  
1 Pet. 4:9  
Deut. 14:28,29;  
6:11,14;  
24:19-21  
Fil. 1:1  
1 Tim. 3:8-13  
Hand. 6:1-7  
Hand. 11:29  
2 Kor. 8:9  
1 Tim. 5:16  
Rom. 12:8  
1 Tess. 3:12  
2 Pet. 1:7  
Gal. 6:10
- Diakens**
- Ten opsigte van die diens van barmhartigheid leer die Skrif dat dit voortvloei uit die liefde van Christus. Hy het in die wêreld gekom om te dien en het Hom ontferm oor baie wat in nood verkeer het. In navolging van Christus het die eerste christelike gemeente toegesien dat niemand onder hulle behoefdig is nie. Aan elkeen is uitgedeel volgens wat hy nodig gehad het. Die Here roep ons nou ook op tot gasvryheid, offervaardigheid en barmhartigheid, en om te sorg dat die swakkes en hulpbehoewendes oorvloedig kan deel in die vreugde van God se volk. In die gemeente van Christus mag niemand ongetroos onder siekte, eensaamheid, ouderdom of armoede ly nie.
- Met die oog op dié diens het Christus diakens aan sy gemeente geskenk. Ons lees hoe die apostels spesiale ampsdraers laat kies het toe hulle self weens al hul verpligtinge nie in staat was om hierdie diens na behore te verrig nie.
- Dit is die taak van die diakens om te sorg vir die ordelike voortgang van hierdie diens in Christus se gemeente.
- Deur huisbesoek af te lê, moet hulle uitvind waar daar nood is en moet hulle die gemeente tot mededeelsaamheid oproep.
- Hulle moet die gawes insamel, beheer en in Christus se Naam met wysheid uitdeel. Die diakens moet die gemeentelêde wat hierdie liefdegawes van Christus ontvang, met God se Woord bemoedig en vertroos.
- Hulle moet hulle beywer dat die gemeenskap wat deur die Heilige Gees in die gemeente gewerk en aan die nagmaalstafel geniet word, hierdeur sigbaar word. So sal ons in liefde teenoor mekaar en alle mense toeneem.

### Bevestiging

Geliefde broeders, u is nou gereed om u amp te aanvaar. Ons versoek u om voor God en sy heilige gemeente op die volgende vrae te antwoord:

Ten eerste: Is u daarvan oortuig dat God self u deur sy gemeente tot hierdie diens geroep het?  
Ten tweede: Erken u dat die geskrifte van die Ou en Nuwe Testament die enige Woord van God is en dat dit die volkome leer van die verlossing is? Verwerp u alles wat hiermee in stryd is?

Ten derde: Beloof u dat u volgens hierdie leer u amp getrou sal beoefen, en dat u godvresend sal lewe?

Ten vierde: Beloof u om u volgens die kerkorde aan die kerklike vermanings en tug te onderwerp as u in leer of lewe sou afwyk?

Wat is hierop u antwoord?

*Antwoord:* Ja.

**Seën** Mag die alvermoënde God en Vader u sy genade skenk om in hierdie diens trou en vrugbaar werksaam te wees. Amen.

**Opdrag** **Ouderlinge**

Eseg. 33:6,7  
Jer. 6:17  
Jes. 62:6  
Heb. 13:17  
1 Pet. 5:2,3

Broeder(s) ouderling(e), u moet saam met die bedienaars van die Woord trou wees in die regering van die gemeente. Gedra u ook soos herders van die kudde as u vertrous of vermaan. Let op dat die leer suiwer gehou word en dat die gemeente vroom lewe. Neem ter harte wat die apostel Paulus leer: *Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers nie, maar as voorbeelde vir die kudde.*

**Diakens**

Broeder(s) diaken(s), wees trou en ywerig in die insameling en die beheer van die gawes. Deel blymoedig uit aan hulle wat behoeftig is. Bemoedig en help almal wat sorgte het of in eensaamheid lewe.

Stel hierin vir die gemeente 'n goeie voorbeeld van die diensbetoon waartoe Christus ons almal roep.

1 Tim. 3:9  
1 Tim. 3:13  
Matt. 25:21  
1 Tess. 5:12,13

Wees getrou in u diens. Bewaar die verborgenheid van die geloof met 'n suiwer gewete. So sal u vir uself 'n eervolle plek in die gemeente verwerf en groot vrymoedigheid in die geloof in Christus verkry en na hierdie lewe in die vreugde van die Here ingaan.

En u, geliefde broeders en susters, ontvang hierdie man(ne) as dienaar(s) van God.

**Ouderlinge**

Heb. 13:17

Aanvaar van harte hierdie ouderling(e) as opsiener(s) en herder(s) van die gemeente. Ag hom/hulle hoog weens sy/hul werk. Wees gehoorsaam en onderdanig aan u voorgangers, want hulle waak oor u siele en sal eendag daarvan rekenskap aan God moet gee.

**Diakens**

Sorg dat die diakens oor die middele beskik om hul arbeid te kan verrig. Wees goeie rentmeesters oor dit wat die Here aan u toevertrou en besef dat u in die gemeente van Christus geroep is om mededeelsaam te wees. Laat dié in die gemeente wat in nood verkeer, hierdie hulp wat Christus deur die diakens wil gee, met dankbaarheid aanvaar.

Omdat ons uit onself nie tot dit alles in staat is nie, sal ons nou die almagtige God aanroep:

**Gebed**

Here God, hemelse Vader,

Vir die opbou van u gemeente het U buiten bedienaars van die Woord ook ouderlinge en diakens gegee. Ons dank U dat U aan ons broeders geskenk het wat met die Heilige Gees vervul is. Skenk hom/hulle al hoe meer die gawes wat hy/hulle nodig het: wysheid, vrymoedigheid, onderskeidingsvermoë en barmhartigheid sodat elkeen sy amp vervul soos U dit vra. Skenk hom/hulle u genade sodat hy/hulle sy/hul amp trou mag bly beklee sonder dat moeite en verdriet of vervolging van die wêreld hom/hul sal verhinder.

Seën hierdie gemeente waaroor hy/hulle aangestel is. Laat almal hulle aan die goeie vermaning van die ouderlinge onderwerp en hulle eer in hul amp. Skenk ons vurige liefde vir mekaar. Gee dat ons die diakens met blydschap sal voorsien in wat hulle benodig, sodat dit hulle wat gehelp moet word, aan niks sal ontbreek nie.

Ons bid U dat hierdeur die heiliges toegerus mag word tot diensbetoon en tot opbou van die liggaam van Christus.

Verhoor ons, barmhartige Vader, deur u geliefde Seun ons Here Jesus Christus. In sy Naam bid ons tot U:

*Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

## HUWELIKSBEVESTIGING

<b>Afkondiging</b>	Die kerkraad maak bekend dat N en N te kenne gegee het dat hulle volgens die ordening van God in die huwelik wil tree. Hulle begeer om hul huwelik kerklik te laat bevestig omdat hulle dit in die Naam van die HERE wil begin en ook tot sy eer wil volbring. Indien daar geen wettige besware ingedien word nie, sal die plegtigheid plaasvind as die Here wil op ...
<b>Inleiding</b>	Die kerkraad het nou reeds twee maal aan die gemeente bekend gemaak dat N en N aansoek gedoen het dat hul huwelik in die kerk bevestig word. Omdat die gemeente geen wettige besware hierteen ingebring het nie, kan ons in die Naam van God nou oorgaan tot die huweliksbevestiging.
<b>Instelling</b>	Kom ons luister eers na wat die Skrif ons leer oor die instelling van die huwelik. Dit het God behaag om die huwelik in te stel en dit moet daarom deur almal geëer en gerespekteer word.
Gen. 1:27 Gen. 2:18	Nadat God ons Vader die hemel en die aarde en alles wat daarin is, geskape het, het Hy die mens na sy beeld geskape. Ook het die Here God gesê: <i>Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas.</i>
Gen. 2:21-24	Toe die mens geen hulp kon vind wat by hom pas nie, het die HERE God 'n diep slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak. En die Here God bou die rib wat Hy van die mens geneem het tot 'n vrou en bring haar na die mens. Toe sê die mens: <i>Dit is nou eindelijk been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem. Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle sal een vlees wees.</i> Daarom glo ons dat die HERE tot vandag toe man en vrou aan mekaar gee, en aangesien hulle deur sy hand verenig word, sal niks hulle in hierdie lewe skei nie.
Matt. 19:1-6	Dat die huwelik 'n instelling van God is en nie verbreek mag word nie, getuig ons Here Jesus Christus ook as Hy in Mattheus 19:6 sê: <i>Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.</i>
Mark. 2:13-16 1 Kor. 7:10-14	Aangesien God die huwelik so sterk gemaak het, haat Hy egskeiding. Dit word duidelik uit Jesus Christus se woorde in Mattheüs 19:9: <i>Maar ek sê vir julle, elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor hoerery, en met 'n ander trou, pleeg egskeuring.</i> Omdat God onkuisheid verbied, moet elke man sy eie vrou hê en elke vrou haar eie man. So moet ons liggame bewaar word as tempels van die Heilige Gees en mag ons God deur ons liggame verheerlik.
1 Kor. 7:2 1 Kor. 6:19	
Ef. 5:23-32	Die apostel Paulus leer ons dat die eenheid tussen man en vrou in die huwelik 'n dieper betekenis het. Hy praat van 'n groot verborgenheid met die oog op Christus en sy gemeente. Soos Christus die Hoof van die kerk is, so is die man die hoof van sy vrou. Christus het sy kerk tot die einde toe só liefgehad dat Hy Homself vir haar gegee het sodat sy heilig en rein kan wees. Net so moet die man sy vrou soos sy eie liggaam liefhê, haar versorg en haar beskerm. Soos die gemeente hom deur Christus laat lei, so moet die vrou haarself aan die liefdevolle leiding van haar man toevertrou. Sy moet hom respekteer en die voorbeeld volg van die heilige vroue, wat op God vertrou het en aan hulle mans onderdanig was. Man en vrou moet mekaar bystaan in alles wat goed is en opreg mekaar se sondes en tekortkominge vergewe. Verenig in liefde sal hulle toenemend in hulle huwelik die eenheid van Christus en sy Kerk uitbeeld. Vanweë die sonde sal die getroudes bekommernisse, moeite en verdriet nie vryspring nie. Maar hulle mag lewe in die vertroue dat die Here hulle as erfgename van die lewe met sy Vaderlike hand sal help en beskerm, selfs wanneer hulle dit die minste verwag.
<b>Doel</b>	Om godvresend in die huwelik te kan lewe, moet u weet met watter doel God die huwelik ingestel het: Ten eerste: Man en vrou moet in opregte liefde en heiligheid saam lewe. Die een moet die ander getrou help en bystaan in alles wat tot die tydelike en ewige lewe behoort.
Gen. 1:28 Ps. 127:3	Ten tweede: Die menslike geslag moet deur die huwelik gebou word. Ouers moet hulle kinders, indien die Here hulle daarmee seën, in die ware kennis en vrees van God opvoed tot sy eer en tot hulle saligheid.  <i>(Die bedienaar versoek die bruidspaar om op te staan.)</i>

**Wedersydse  
Verpligtings**  
Ef. 5:22-33

1 Pet. 3:7  
Ef. 4:28  
1 Tim. 2:9-15

Ps. 1:1  
Ps. 84:13  
Ps. 112:1

**Vrae**

Bruidegom en bruid, luister nou na wat die Here in sy Woord van u vra in die huwelik. Bruidegom, u moet weet dat God u as hoof van die vrou gestel het. U moet u vrou liefhê soos u eie liggaam, soos Christus sy gemeente liefhet en Homself vir haar geoffer het. U moet haar verstandig lei, onderrig, vertrous en beskerm. Leef verstandig met haar en eer haar aangesien sy mede-erfgenaar van die ewige lewe is. Indien u dit doen, sal u gebede nie verhinder word nie. U moet hard werk sodat u u huisgesin kan onderhou en ook iets aan die hulpbehoewendes kan gee.

Bruid, u moet u man liefhê en aan hom onderdanig wees soos die kerk aan Christus onderdanig is. Aanvaar sy leiding en help hom in alle goeie dinge. U moet aan u gesin en huishouding die regte aandag gee. Verder moet u ingetoë, eerbaar en heilig in liefde lewe. Help mekaar en wees trou aan mekaar. Verrig die roeping wat God aan u opdra in die kerk en in die wêreld met ywer. Glo in God se beloftes: *Welgeluksalig is elkeen wat die Here vrees, wat in sy weë wandel. Die opbrengs van jou hande sal jy sekerlik eet; gelukkig is jy, en dit gaan met jou goed.*

*Die bedienaar vra nou aan die bruidspaar:*

N en N, nou dat u weet dat God die huwelik ingestel het en wat Hy u daarin beveel, getuig u hier voor God en almal wat teenwoordig is, dat dit u opregte voorneme is om so te lewe, en begeer u dat u huwelik nou gesluit en bevestig sal word?

*Antwoord:* Ja.

*Aan die bruidegom:*

“Verklaar u, N, dat sover u weet, daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met N hier teenwoordig nie, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u N tot u wettige vrou neem?”

*Antwoord:* Ja.

*Aan die bruid:*

“Verklaar u, N, dat sover u weet, daar regtens geen beletsel is teen u voorgenome huwelik met N hier teenwoordig nie, en dat u almal hier teenwoordig roep om getuie te wees dat u N tot u wettige man neem?”

*Antwoord:* Ja.

*Die bedienaar vra hulle nou om mekaar die regterhand te gee en rig hom tot die bruidegom:*

N, u het hier voor God en almal teenwoordig verklaar dat u N as u wettige vrou neem. Beloof u dat u haar nooit sal verlaat nie, dat u haar sal liefhê en getrou sal onderhou soos 'n getroue en godvresende man aan sy vrou verskuldig is? Beloof u verder dat u heilig met haar sal lewe en haar in alles getrou sal bly, ooreenkomstig die uitspraak van die heilige evangelie?

N, wat is hierop u antwoord?

*Antwoord:* Ja.

*Daarna rig die bedienaar hom tot die bruid:*

N, u het hier voor God en almal teenwoordig verklaar dat u N as u wettige man neem. Beloof u dat u hom sal liefhê, gehoorsaam sal wees, hom sal dien en help en hom nooit sal verlaat nie? Beloof u verder dat u heilig met hom sal lewe en hom in alles getrou sal bly, soos 'n vrome en getroue vrou aan haar man verskuldig is, ooreenkomstig die uitspraak van die heilige evangelie?

N, wat is hierop u antwoord?

*Antwoord:* Ja.

**Bevestiging**

Hierna sê die bedienaar: “Ek verklaar nou dat N en N hier teenwoordig regtens getroud is”. Mag die Vader van alle barmhartigheid wat u deur sy genade tot hierdie huwelik geroep het, u met opregte liefde en trou verbind en u sy seën gee! Amen. Omdat daar in onself niks goeds is nie, versoek ek u om neer te kniel voor die Here sodat ons almal saam met u kan bid sodat Hy u in staat mag stel om u beloftes na te kom en u sy seën kan gee.

**Gebed**

Laat ons bid.



Almagtige God en Vader, U het reeds in die paradys gesê dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie. Ons dank en loof U dat U hierdie broeder en suster aan mekaar gegee het in die huwelik, sodat hulle een mag wees. Ons bid U, gee hulle u Heilige Gees sodat hulle in 'n ware en vaste geloof volgens u wil sal lewe. Help hulle om die mag van die sonde te weerstaan en in heiligheid voor U te lewe. Verhef u aangesig oor hulle en lei hulle in voorspoed en teëspoed aan u vaderhand. Seën hulle ook soos U die gelowige vaders, Abram, Isak en Jakob, geseën het.

Aangesien hulle mede-erfgename is van die verbond wat U met hierdie vaders gesluit het, bid ons dat U aan hulle die genade sal verleen om hulle kinders, as dit U behaag om dié aan hulle te gee, christelik op te voed tot eer van u heilige Naam, tot opbou van u gemeente en tot uitbreiding van u heilige evangelie. Gee dat hulle tot eer van U, en tot seën van hulle naaste, in gemeenskap met Christus mag lewe en in opregte liefde trou aan mekaar sal bly. Laat hulle, saam met u hele kerk, uitsien na die groot dag van die bruilof van die Lam.

Verhoor ons, Vader van alle barmhartigheid, deur Jesus Christus u geliefde Seun, ons Here, wat saam met U en die Heilige Gees leef en regeer in ewigheid.

*Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe, en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

Mag die HERE God u met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe! Amen.

## GEBEDE

### ***Skuldbelydenis (1)***

Heilige God en Vader, ons verootmoedig ons voor U en bely dat ons dikwels en ernstig teen U sondig. Ons is in sonde ontvang en in ongeregtheid gebore en ons oortree elke dag u gebooie met ons slegte gedagtes, woorde en dade. Ons doen nie wat U van ons vra nie, maar juis dit wat U uitdruklik verbied. Daarom is ons nie werd om u kinders genoem te word nie. Ons bely met skaamte en in alle nederigheid dat ons niks anders as die ewige dood verdien nie.

Terselfdertyd roem ons in u ontferming oor ons in Christus. Ons weet dat U nie die dood van die sondaar begeer nie, maar dat hy hom bekeer en sal lewe. Vir almal wat U in waarheid aanroep, is u barmhartigheid oneindig. Daarom roep ons na U, in vertroue op ons Middelaar, Jesus Christus, wat as Lam van God die sonde van die wêreld op Hom geneem het.

Ontferm U asseblief oor ons en vergewe al ons sondes ter wille van Christus wat vir ons gely het. Was ons in sy bloed sodat ons weer rein mag word, en bedek ons met die mantel van sy onskuld en geregtigheid. Skryf u wette in ons harte en gee ons die lus en krag om hulle te volbring, tot roem en eer van u Naam en tot stigting van u gemeente. Amen

### ***Skuldbelydenis (2)***

Almagtige God, ons nader tot U met diep ontsag, want ons sondes getuig teen ons en ons eie gewete kla ons aan. Ons weet dat U 'n regverdige Regter is wat almal straf wat u gebooie oortree. U het ons egter beveel om U in alle nood aan te roep. In u groot barmhartigheid het U belowe om ons gebede te verhoor ter wille van die verdienste van ons Here Jesus Christus. U het Hom vir ons as Middelaar en Voorspraak gegee. Daarom neem ons ons toevlug tot u barmhartigheid.

Here, dankie dat U ons gebring het na die Lig van u waarheid en die kennis van u heilige evangelie. U het ons in Christus ontelbare weldade bewys, maar ons vergeet dit telkens weer. Ons draai weg van U, volg ons eie begeertes, en doen wat verkeerd is in u oë. Here, aanskou die aangesig van u geliefde Seun en nie ons sondes nie. Mag u toorn deur sy voorbede stil word. Vermeerder die werk van u Gees in ons, sodat ons daagliks ons vlees met al sy slegte begeertes kruisig en ons lewens nuut word. Dít bid ons, genadige Vader, in die naam van ons Here Jesus Christus. Amen

### ***Gebed voor die opening van die Woord***

Almagtige God, dankie dat U ons na die lig van u waarheid en die kennis van u heilige evangelie gebring het. Open ons harte en verlig ons verstand, sodat ons u Woord in ons lewens onderhou. Open nou die mond van u dienaar en vervul hom met wysheid en kennis, sodat hy u Woord suiwer en vrymoedig mag verkondig. Werk met u Gees kragtig in ons almal sodat ons dit kan hoor, verstaan en bewaar – deur Christus, ons Here. Amen

### ***Gebed voor die prediking van die kategismus***

Hemelse Vader, u Woord is 'n betroubare getuie, 'n lamp vir ons voet en 'n lig op ons pad. Ons bid, vir insig in u Woord en verligting van ons verstand deur u Heilige Gees. Ons bely dat ons hoogmoedig ons eie pad gaan en U nie volg nie. Leer ons om nederig voor u Woord te buig en laat ons hele lewe daardeur beheers word.

Ons dank U dat u kerk deur die eeue heen u Woord bly bely het en dat u kinders daardeur van geslag tot geslag aan daardie waarheid mog vashou. Open vir ons die Skrifte deur die prediking en anker ons daardeur in die christelike geloof. Bring almal wat van u waarheid afdwaal tot bekering, sodat ons U eensgesind kan dien. Verhoor ons, Hemelse Vader, in die Naam van u Seun, Jesus Christus. Amen.

## ***Danksegging ná die prediking***

### *Danksegging*

Barmhartige God en Vader, ons dank U dat U ons en ons kinders uit die duisternis van hierdie wêreld na u wonderbare lig geroep het. Dankie dat U Jesus Christus, u eniggebore Seun, as Heiland vir ons gegee het. Deur sy lyding en sterwe het Hy ons terugbring in die gemeenskap van u liefde. Ons dank U vir Christus se opstanding uit die dood en sy hemelvaart. Ons weet dat Hy nou voortdurend vir ons bid en ons beskerm en bewaar. Dankie vir die uitstorting van die Heilige Gees deur wie ons deel kry aan u hemelse gawes.

Ons loof U dat u ons gemaak het en tot op hierdie dag bewaar het om u groot daade te verkondig. Ons prys u Naam vir al die gawes van u liefde en u volhardende trou in Jesus Christus, ons Here.

### *Vir die verspreiding van die evangelie*

Vader, omdat U ons beveel het om vir alle mense te bid, vra ons dat U u seën oor die verkondiging van die heilige evangelie sal gee. Laat dit orals verkondig en aangeneem word, sodat die hele aarde vervul sal word met die kennis van u Naam. Bekeer dié wat U nie ken nie, versterk die swakkes in die geloof en leer elkeen om u heilige Naam nie alleen met woorde nie, maar ook met daade groot te maak en te eer. Stuur getroue dienaars en rus hulle toe met gawes sodat hulle hul amp getrou kan volbring. Weerstaan al die valse herders, wat nie die eer van u Naam soek nie en hulle ook nie bekommer oor die heil van u skape nie.

Gee dat die gemeentes wat oral saamkom, deur die krag van u Woord en Gees in ware geloof eensgesind bly. Vernietig die ryk van Satan en laat die volmaaktheid van u ryk kom, waarin U alles in almal sal wees. Ons bid vir die uitdra van die evangelie onder die Jode en heidene en ook hulle wat nog die naam van christen dra, maar van u waarheid afgedwaal het. Bring nog baie mense uit die duisternis tot u lig en bring die dwalende skape terug na die kudde van Christus.

### *Vir die deurwerking van die evangelie*

Seën die herderlike vermaning wat uitgaan na almal wat in sonde volhard. Gee dat ons ons naaste wat dreig om van U af weg te dwaal, sal reghelp in 'n gees van sagmoedigheid. Ons bid vir alle christelike onderwys en die teologiese opleiding. Seën die onderwysers en studente. Lei die leerders en studente deur u Gees in waarheid. Seën ook die Bybelstudies wat gerig is op die heiliging van u Naam en die koms van u ryk.

### *Vir die owerheid en die weermag*

Ons bid vir die regering wat U oor ons gestel het. Maak hulle gehoorsaam aan Jesus Christus, die Koning van al die konings, en lei hulle in al hul daade en besluite deur u Gees. Gebruik die regering as u dienaar om die ryk van die duiwel af te breek. Gee dat u kerk onder hulle 'n stil, rustige en godvrugtige lewe kan lei.

Versterk hulle wat moet sorg vir die handhawing van rus en orde in die land. Seën die weermag en polisiediens wat ons land moet verdedig en die vrede, vryheid en geregtigheid moet bewaar. Maak ons broeders en susters wat hierdie werk doen sterk en bewaar hulle na liggaam en siel. Bemoedig hulle deur die wete dat die gemeente hulle in hul gebede dra.

### *Vir die vervolgte kerk*

Ons bid vir ons broers en susters wat ter wille van die Naam van Christus vervolging ly. Vertrou hulle met u Heilige Gees sodat hulle hul daarvoor verbly dat hulle deel mag hê aan die lyding van Christus. Moenie toelaat dat u Naam op aarde uitgeroei word en die vyande van u Woord hulle daarop beroem nie. Verlos die gevange christene uit hul verdrukking. Indien dit egter u wil is dat hulle met hul dood van die waarheid moet getuig, maak hulle dan tot die einde toe standvastig tot eer van u Naam, tot opbouing van u gemeente en tot hul eie verlossing.

### *Vir almal wat in moeite lewe*

Ons bid vir almal wat beproef word met liggaamlike en geestelike moeities. Troos hulle, Here, soos net U dit kan doen. Gee dat hulle swaarkry tot loutering van hul geloof en tot heiliging van hul lewe sal wees. Leer hulle om geduldig te wees en op U te bly vertrou, sodat hulle hul tog oor u goedheid kan verbly. Wees met die eensames en die bejaardes en troos die weduwees, wewenaars en wese, soos U belowe het. Vertrou die siekes en almal wat liggaamlik of geestelik gestremd is, sodat hulle u Naam kan groot maak en hul naaste tot seën kan wees.

Seën almal wat verpleeg en versorg word in inrigtings en gee aan dié wat daar werk die wysheid en bekwaamheid vir hierdie veeleisende en verantwoordelike taak. Leer hulle om te wandel in die voetstappe van Jesus wat allerhande siektes en kwale genees het.

In die besonder bid ons vir ... (voorbidding)

### *Vir werk en gesin*

Here, seën ons in ons daaglikse werk en bewaar ons teen die gevare wat ons orals bedreig. Seën die opbrengs van die aarde en voed ons met die brood wat U ons gee. Leer ons om die gawes wat ons van U ontvang, vir u koninkryk te gebruik.

Laat dit vir ons 'n vreugde wees wanneer ons kinders uit u hand ontvang. Beskerm die ongebore kinders en hul moeders. Help ons om ons kinders op te voed in die vrees van u Naam. Wees U ons gids op al ons lewenspaaië.

Help ons om gelowig teen versoekings te bly sry, sodat ons die oorwinning behaal en hierna saam met Christus die ewige heerlikheid besit.

Dit alles bid ons in Christus se naam, uit dankbaarheid. Amen.

### ***Gebed vir die huislike erediens***

#### *Oggendgebed*

Barmhartige Vader, dankie dat U in hierdie nag getrou oor ons gewaak het. Ons bid dat die Heilige Gees ons vandag alles sal skenk wat ons nodig het.

Gee dat ons slegs aan u eer dink en al ons wense daaraan ondergeskik maak. Laat ons as kinders van die lig in 'n nuwe lewe wandel. Help ons om die dinge te vermy wat ons van U kan laat weg dwaal en lei ons deur u Woord sodat ons die regte besluite neem.

Wees met almal wat u Woord op hierdie dag uitdra. Laat ons ook vrymoedig oor U praat en ander mense daardeur help, want niemand kan sonder U lewe nie.

Bekwaam ons regering om ons land so te lei dat ons stil en rustig kan lewe. Versterk u kinders wat vanweë hulle geloof vervolgd word.

Seën die siekes en sterwendes en almal wat vandag swaarkry. Gee dat ons in goeie en slegte dae ons toevlug tot Jesus Christus neem. Dit vra ons in u Naam.

#### *Gebed voor die maaltyd*

Seën hierdie voedsel wat ons uit u hand ontvang en gee ons krag om ons werk te kan doen. Gee dat ons u koninkryk soek en nie die dinge van hierdie wêreld nie, sodat ons dit kan loslaat wanneer U dit van ons vra. Seën die lees van u Woord, en vervul ons met dankbaarheid, omdat ons ook die ewige Brood mag ken.

#### *Dankgebed ná die maaltyd*

Genadige Vader, ons dank U vir die maaltyd wat U ons gegee het en vir u Woord wat ons mog lees. Ons het alles ontvang wat ons vir liggaam en gees nodig het.

Lei ons deur u Heilige Gees, sodat ons nie onself soek nie, maar ons lewe in u diens stel. Ons dank U vir al die goeie gawes wat ons elke dag uit u vaderhand ontvang.

### *Aandgebed*

Hemelse Vader, ons dank U dat ons vandag ons werk kon doen. U het ons alles gegee wat ons nodig het. Ons bely dat ons vandag weer eens teen U gesondig het. Bedek asseblief ons sondes met die bloed van u Seun en laat die lig van u genade vannag oor ons skyn. Gee u engele opdrag om oor ons te waak en gee dat ons mag uitrus, sodat ons môre weer ons werk kan doen. Vader, U weet wat ons nodig het. Neem alle bekommernisse van ons weg.

Beskerm ons en al ons dierbares. Gee rus en troos aan siekes, bedroefdes en almal wat swaarkry. Ons bid veral vir ...

Here, waak U oor ons huis, dag en nag.

### ***Gebed by siekte***

Barmhartige Vader, dankie dat ons mag weet dat U altyd vir ons sorg. Niks gebeur in hierdie lewe buite u wil nie. Dood en lewe is in u hand en U het belowe dat alle dinge vir u kinders ten goede sal meewerk. Ons bid dat ons in die regte verhouding met U mag lewe. Gee dat ons, deur u Heilige Gees, ons ellende ken en aan u vaderliefde bly glo. Gee dat ons ons beproewings geduldig mag dra. Seën die middele tot herstel, sodat ons U in gesondheid mag dien. Sou U anders wil, gee ons dan die geduld en die krag om hierdie lyding te dra. Heilig ons deur u beproewings. Verbind ons daardeur nog meer aan ons Here Jesus Christus. Bewaar ons teen opstandigheid. Help ons om u wil te aanvaar, of U ons tot U wil neem of nog op die aarde wil laat bly.

Versterk ons geloof, en was die onreinheid van ons sondes af deur die bloed van Christus. Bedek ook in die laaste oordeel ons ongeregtheid deur sy geregtigheid. Troos ons met die vergewing van sondes deur die lyding en sterwe van ons Heiland. Laat ons op u tyd deel in Christus se heerlikheid.

Gee dat Satan geen houvas meer op ons het nie en neem alle angs van ons weg. Hou ons vas, Here, ook as ons kragte beswyk. U het immers belowe dat U ons in ons laaste nood nie sal verlaat nie. Laat u lig oor ons skyn en gee ons u vrede.

*Onse Vader wat in die hemele is,*

*laat u Naam geheilig word;*

*laat u koninkryk kom;*

*laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;*

*gee ons elke dag ons daaglikse brood;*

*en vergeef ons ons skulde,*

*soos ons ook ons skuldenaars vergewe;*

*en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.*

*Want aan U behoort die koninkryk en die krag en*

*die heerlikheid tot in ewigheid.*

*Amen.*

*Bostaande weergawe van die liturgiese formuliere en gebede, minus enkele wysigings, was deur Deputate vir Liturgiese Formuliere en Gebede aan Sinode 2017 voorgestel. Sinode 2017 het besluit om nuwe deputate op te dra om dit na al die kerke te stuur met 'n versoek vir kommentaar. Nuwe deputate het dit gedoen en na aanleiding van die ingekome kommentaar enkele wysigings aangebring, met as resultaat die bostaande weergawe. Dit is as finale voorstel aan Sinode 2021 voorgelê. Sinode 2021 het nuwe deputate egter opgedra: "to consider the recommendations and comments received and also to call on the churches to provide feedback for the deputies to consider ..." (Art.24, Acts 2021).*

*Dit lyk of daar nog geen finale sinodebesluit oor hierdie weergawe is nie.*

## ORDES VAN EREDIENSTE

Die Ordes van eredienste, soos in gebruik by die VGKSA gemeentes by die opstel van hierdie kerkboek, word op grond van die onderstaande sinodebesluite aanbeveel:

**Sinode 1984, Art. 39, punt 5:** “om ’n uitgewerkte orde vir die erediens op te stel in die lyn van die Sinodes van die GKN Middelburg 1933 en Kampen 1975;”

**Sinode 1986, Art. 35:** “Deputate sal benoem word om te ondersoek of moontlik ’n nuwe orde van diens in die lyn van die besluite van die sinode van Kampen 1975 ook vir gebruik in ons eredienste aanbeveel moet word.”

**Sinode 1990, Verslag van Deputate vir Ondersoek Orde van Diens (Handelinge van die Sinode van .... 1990, bl 91, punt 5.1):** “Deputate konkludeer dat die nuwe Orde van Diens wat die Sinode van Kampen 1975 van die Gereformeerde Kerke in Nederland aanbeveel het, ’n weselike verbetering t. o. v. die Orde van Diens, soos aanbeveel deur die Sinode van Middelburg 1933, is.”

**Sinode 1990, Art. 14:** “Na bespreking aanvaar die Sinode sonder wysiging die aanbevelings van die deputate en besluit:

1. **Dat die Sinode die volgende Orde van Diens by die kerke vir gebruik aanbeveel: (hier volg orde van diens wat ooreenkom met Kampen 1975).** Dit staan die voorganger vry om in voorkomende gevalle die doopbediening te laat plaasvind direk na die lesing van die Wet en die daaropvolgende antwoordlied.”

Sinode voeg by: “Aangesien ’n orde van diens behoort tot “ondergeskikte punte” (artikel 47 K.O.), meen die sinode dat daar ’n sekere vryheid in die liturgie mag wees, wat egter nie tot ongebondenheid en slordigheid aanleiding mag gee nie.

## ORDE VAN DIENS (Kampen, 1975)

<b>OGGENDDIENS</b>	<b>AANDDIENS</b>
Opening (votum)	Opening (votum)
Vrede- en seëngroet	Vrede- en seëngroet
Antwoordlied	Antwoordlied
Lesing van die Wet	Gebed
Antwoordlied	Skriflesing
Skuldbelydenis en gebed om verligting deur die Heilige Gees	Heidelbergse Kategismus
Skriflesing	Prediking
Lesing van die Teks	Geloofsbelydenis
Prediking	(Bediening van die Doop)
Amenlied	Gebed (danksegging en voorbede)
(Bediening van die Doop)	Kollekte
Dankgebed	(Nagmaalsviering)
Kollekte	Slotsang
(Nagmaalsviering)	Seën
Slotsang	
Seën	

### ORDE VAN DIENS (Middelburg, 1933)

<i><b>OGGENDDIENS</b></i>	<i><b>AANDDIENS</b></i>
Opening (votum)	Opening (votum)
Vrede- en seëngroet	Vrede- en seëngroet
Antwoordlied	Antwoordlied
Lesing van die Wet	Belydenis van geloof
Antwoordlied	Skriflesing
Skriflesing	(Bediening van die Doop)
Gemeentesang	Gebed
(Bediening van die Doop)	Kollekte
Gebed	Gemeentesang
Kollekte	Lees uit Heidelbergse Kategismus
Middesang	Bediening van die Woord
Tekslesing	Amenlied
Bediening van die Woord	Dankgebed
Antwoordlied	(Nagmaalsviering)
Dankgebed	Slotsang
(Nagmaalsviering)	Seën
Slotsang	
Seën	

## **KERKORDE VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

### **Artikel 1 Doel en inhoud van die Kerkorde**

In die gemeente van Christus behoort alles ordelik te geskied. Daarvoor is reëls nodig met betrekking tot:

- A: *die ampte*
- B: *die kerklike vergaderings*
- C: *die toesig oor die leer en die erediens*
- D: *die tug.*

### **A: DIE AMPTE**

### **Artikel 2 Drie ampte**

Daar is drie ampte wat onderskei moet word: die amp van bedienaar van die Woord, van ouderling en van diaken. Sommige predikante sal afgesonder word vir opleiding tot die diens van die Woord, ander vir sendingwerk.

### **Artikel 3 Noodsaaklikheid van wettige roeping**

Niemand mag een van hierdie ampte vervul sonder dat hy wettig daartoe geroep is nie.

### **Artikel 4 Verbinding aan 'n bepaalde kerk**

Niemand mag tot die diens van die Woord geroep word sonder dat hy aan 'n kerk verbind word nie.

### **Artikel 5 Roeping tot die diens van die Woord**

Die wettige roeping tot die diens van die Woord van hulle wat die amp van predikant nog nie beklee het nie, behels die beroeping, die eksamen, die goedkeuring van die gemeente en die bevestiging.

Die beroeping geskied onder aanroeping van die Here deur die kerkraad en die diakens met medewerking van die gemeente en met inagneming van die plaaslike reëling. Alleen diegene wat deur die klassis waaronder hulle ressorteer, voorbereidend geëksamineer is, kan vir die eerste keer beroep word. In kerke sonder 'n predikant in aktiewe diens, sal beroeping plaasvind met advies van die konsulent wat deur die klassis aangewys is.

Die eksamen wat die leer en lewe betref, sal afgeneem word deur die klassis wat die beroep moet goedkeur. Dit sal plaasvind in die teenwoordigheid van die sinodale deputate vir die klassis (volgens art. 49 KO).

Die goedkeuring van die gemeentede is verkry wanneer die naam van die beroepe predikant op twee agtereenvolgende Sondae in die kerk afgekondig is, en daar geen wettige beswaar ingedien is nie.

Die bevestiging sal plaasvind in 'n erediens waarby die vasgestelde formulier gebruik word, met handoplegging deur die predikant wat die bevestiging waarneem.

### **Artikel 6 Beroep na 'n ander kerk**



Wanneer predikante na 'n ander kerk beroep word, sal die beroeping ook geskied deur die kerkraad en die diakens, met medewerking van die gemeente en met inagneming van die plaaslike reëling.

Die kerke sal hulle hou aan die algemene kerklike bepalings oor die beroepbaarheid van predikante wat buite Suid-Afrika in kerke van gereformeerde belydenis gedien het.

Dieselfde predikant mag nie herhaaldelik in dieselfde vakature beroep word sonder toestemming van die klassis nie.

Kerke sonder 'n predikant in aktiewe diens sal beroepingswerk doen met advies van die konsulent wat deur die klassis aangewys is.

Dit geld vir alle kerke dat die goedkeuring van die klassis vereis word. Predikante wat volgens hierdie artikel beroep is, moet aan die klassis 'n goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer en lewe toon. Die vereiste goedkeuring van die gemeentede is verkry as die naam van die beroepe predikant op twee agtereenvolgende Sondae afgekondig is en daar geen wettige beswaar ingedien is nie.

Die bevestiging sal plaasvind in 'n erediens waarby die vasgestelde formulier gebruik moet word.

#### **Artikel 7 Aktes van ontslag by die aanneming van 'n beroep**

Wanneer 'n predikant 'n beroep na 'n ander kerk aangeneem het, mag hierdie kerk hom nie as sy predikant aanvaar voordat hy wettige aktes van ontslag voorgelê het van die kerk en die klassis waaronder hy gedien het nie.

#### **Artikel 8 Toelating sonder teologiese opleiding**

Diegene wat geen teologiese opleiding ontvang het nie, kan nie tot die amp van bedienaar van die Woord toegelaat word nie, tensy dit oortuigend blyk dat hulle besondere gawes van godsvrug, ootmoed, ingetoënheid, verstand, onderskeidingsvermoë en welsprekendheid het.

As sulke persone toelating tot die diens van die Woord vra, sal die klassis hulle eksamineer na toestemming deur die sinodale deputate vir die klassis. Indien die eksamen volgens die oordeel van die klassis gunstig verloop, sal die klassis 'n periode vasstel waartydens hulle as proponent mag voorgaan in die kerke wat onder daardie klassis ressorteer.

Daarna sal die klassis verder met hulle handel soos dit na sy oordeel verantwoord is, volgens die algemene reëls wat daarvoor deur die kerke vasgestel is.

#### **Artikel 9 Toelating van voorgangers wat nog nie lank lid van een van die kerke is nie**

Voorgangers wat hulle kort tevore by een van die kerke gevoeg het en wat nie afkomstig is uit 'n kerk waarmee kerklike gemeenskap onderhou word nie, sal slegs met groot versigtigheid tot die diens van die Woord toegelaat word.

Daarby sal die toepaslike algemene kerklike bepalings in ag geneem word.

Indien die klassis en die sinodale deputate vir die klassis dit nodig ag, sal hulle eers 'n proeftyd deurmaak.

#### **Artikel 10 Voorgaan in 'n ander kerk**

Niemand mag in 'n ander kerk die Woord of die sakramente bedien sonder die toestemming van die betrokke kerkraad nie.

#### **Artikel 11 Onderhoud van die predikante**

Die kerkraad is, namens die gemeente wat hy hierin verteenwoordig, verplig om sy predikante na behore te onderhou.

#### **Artikel 12 Benoeming vir 'n spesifieke taak**

'n Predikant mag geen benoeming aanneem waar hy hom heeltemal aan 'n spesifieke taak wy nie, byvoorbeeld dié van weermag- of hospitaal-predikant, tensy hy aan 'n kerk verbonde bly.

Die verhouding waarin hy tot die betrokke kerk staan, moet gereël word met die goedkeuring van die klassis.

#### **Artikel 13 Emeritering**

As 'n predikant deur ouderdom, siekte of ander oorsake nie meer in staat is om sy ampswerk te verrig nie, bly hy regtens dienaar van die Woord.

Die kerk wat hy gedien het, sal hom op gepaste wyse onderhou. Hierdie verpligting geld ook teenoor die weduwees en weeskinders van predikante.

#### **Artikel 14 Ontslag van verbintenis aan die gemeente**

Die kerkraad mag nie 'n predikant van sy verbintenis aan 'n gemeente ontslaan sonder medewete en goedkeuring van die klassis en die sinodale deputate vir die klassis nie.

#### **Artikel 15 Ontheffing uit die amp**

As 'n predikant eers volgens die reël van artikel 5 geroep is, het hy hom lewenslank aan die kerklike diens verbind. Dit beteken dat hy sy amp nie mag neerlê nie.

Hy kan slegs van sy amp onthef word en oorgaan tot 'n ander staat van lewe, indien die kerkraad en die klassis, met medewerking van die sinodale deputate vir die klassis, van oordeel is dat daar gewigtige redes voor is.

#### **Artikel 16 Taak van die predikante**

Die taak van die predikante is om getrou in gebede en in die bediening van die Woord en die sakramente voor te gaan.

Hulle behoort goed op hulle mede-ampsdraers en op die gemeente te let en saam met die ouderlinge die tug toe te pas en te sorg dat alles op gepaste wyse en ordelik geskied.

#### **Artikel 17 Billike taakverdeling**

As daar twee of meer predikante aan 'n gemeente verbonde is, sal soveel as moontlik gelykheid gehandhaaf word, sowel in hulle taak as in ander opsigte, na die oordeel van die kerkraad en indien nodig van die klassis.

Hierdie reël geld ook met betrekking tot die ouderlinge en die diakens.

#### **Artikel 18 Opleiding tot die diens van die Woord**

Die kerke onderhou 'n teologiese universiteit vir die opleiding tot die diens van die Woord. By die taak van die professore in die teologie, behoort die uitlegging van die Heilige Skrif en die verdediging van die suiwer leer teen ketterye en dwalings.

Predikante wat afgesonder is vir die opleiding tot die diens van die Woord, bly, op die wyse van

emeritus-predikante, verbonde aan die kerk wat hulle gedien het en behou die regte van 'n bedienaar van die Woord.

Die kerke aanvaar saam die verpligting om na behore in hulle en hulle weduwees en weeskinders se onderhoud te voorsien.

#### **Artikel 19      Sorg vir studente in die teologie**

Die kerke sal daarna strewende dat daar studente in die teologie is. Hulle sal, indien nodig, finansiële steun verleen.

#### **Artikel 20      Roeping van ouderlinge en diakens**

Die ouderlinge en diakens sal tot hul amp geroep word deur die kerkraad en die diakens, met medewerking van die gemeente en met inagneming van die plaaslike reëling. Dit sluit in dat die gemeentelede die kerkraad se aandag kan vestig op persone wat hulle geskik ag.

Die kerkraad sal die gemeente uit 'n dubbele getal laat kies en daarna dié wat gekies is, benoem. Indien daar geen wettige beswaar ingedien word nie, sal hulle tydens 'n erediens in hulle ampte bevestig word.

Die kerkraad kan ook soveel persone as wat nodig is om elke amp te vul, aan die gemeente voorstel.

Indien daar geen wettige beswaar teen hulle ingedien word nie, sal hulle op dieselfde wyse in hulle ampte bevestig word. In beide gevalle moet die vasgestelde formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens gebruik word.

#### **Artikel 21      Taak van die ouderlinge**

Die taak van die ouderlinge is om saam met die bedienaars van die Woord die gemeente in herderlike sorg te regeer. Hulle sien toe dat die predikante, die mede-ouderlinge en die diakens hul amp getrou vervul. Hulle doen huisbesoek so dikwels as wat nodig is vir die opbou van die gemeente, ten minste eenmaal per jaar. Ook moet hulle saam met die predikante die tug toepas en sorg dat alles in die gemeente op 'n gepaste en ordelike wyse geskied.

#### **Artikel 22      Taak van die diakens**

Die taak van die diakens is om die diens van barmhartigheid te verrig.

Deur huisbesoeke te doen, sal hulle hul op hoogte stel van die moeities in die gemeente.

Waar nood is, sal hulle help en bemoedig, en ook die gemeentelede aanspoor om hulp te verleen. Verder sal hulle die liefdegawes insamel, dit goed beheer en na gesamentlike oorlegpleging na behoefte uitdeel.

#### **Artikel 23      Aftreding van ouderlinge en diakens**

Die ouderlinge en diakens sal twee of meer jare dien, afhangende van die plaaslike reëling. As reël tree daar elke jaar 'n eweredige aantal af. Die aftredende ampsdraers sal deur ander vervang word, tensy dit vir die gemeente wenslik geag word dat hulle opnuut tot die amp geroep word. Daarby sal die reëls van artikel 20 geld.

#### **Artikel 24      Orde by die vervulling van die sendingsroeping**

Die kerke sal hul sendingsroeping met inagneming van die artikels in hierdie Kerkorde vervul. As kerke by die vervulling van hierdie roeping saamwerk, sal hulle hul hou by die indeling in gebiede wat deur die kerkverband aanvaar is.

#### **Artikel 25      Taak van sendelinge**

Die taak van die predikante wat vir sendingwerk geroep is, is om die Woord van God te verkondig in die gebied wat aan hulle toegewys is. Hulle sal aan diegene wat tot die geloof gekom het, die sakramente bedien en hulle leer om alles te onderhou wat Christus aan sy gemeente beveel het.

Ook sal hulle volgens goeie orde die ampte instel.

#### **Artikel 26      Kerkraad en evangelisasie**

Die evangelisasie moet daarop gerig wees om hulle wat God nie ken nie of van Hom en sy diens vervreemd is, deur belydenis van die geloof volgens die gereformeerde leer by die gemeente van Christus te voeg. Die kerkraad sal toesien dat daar vanuit hierdie doelstelling gewerk word.

#### **Artikel 27      Ampsdraers en owerheid**

Die ampsdraers sal dit aan die gemeente voorhou dat hulle gehoorsaamheid en eerbied aan die owerheid verskuldig is omdat God die owerheid ingestel het. Hierin moet hulle self 'n goeie voorbeeld stel en in die weg van gepaste respek en korrespondensie daarna strewende dat die owerheid die diens van die kerk steeds wettig beskerm.

### ***B: DIE VERGADERINGS***

#### **Artikel 28      Drie vergaderings**

Drie kerklike vergaderings sal gereeld gehou word: die kerkraad, die klassis en die sinode.

#### **Artikel 29      Opening en sluiting van die vergaderings**

By die opening en sluiting van alle vergaderings sal die Here met gebed en danksegging aangeroep word.

#### **Artikel 30      Bevoegdheid van die vergaderings**

Hierdie vergaderings mag slegs kerklike sake behandel, op kerklike wyse.

'n Meerdere vergadering mag slegs sake behandel wat die kerke in sy gebied gemeenskaplik aangaan of wat nie in die mindere vergadering afgehandel kon word nie. Nuwe sake wat vanuit die kerke aan die orde gestel word, mag net in die weg van voorbereiding deur die mindere vergadering op die agenda van die meerdere vergadering geplaas word.

#### **Artikel 31      Beroep op 'n meerdere vergadering**

As iemand meen dat hy deur die uitspraak van 'n mindere vergadering veronreg is, kan hy hom op die meerdere vergadering beroep. As meerdere vergadering kan die ander klassis ook dien. (M.a.w. Kerkraad – Klassis – Ander klassis – Sinode).

Die uitspraak wat met meerderheid van stemme aanvaar is, sal as bindend aanvaar word, tensy daar bewys word dat dit in stryd is met die Woord van God of met die Kerkorde.

#### **Artikel 32      Afvaardiging na meerdere vergaderings**

Die afgevaardigdes na meerdere vergaderings sal hul geloofsbriewe, onderteken deur diegene wat hulle gestuur het, saambring en op grond daarvan stemreg hê. By sake wat hulself of hul eie kerke raak, moet hulle egter buite stemming bly.

### **Artikel 33 Instruksies en voorstelle vir meerdere vergaderings**

'n Mindere vergadering mag nie 'n instruksie of 'n voorstel vir 'n meerdere vergadering vasstel alvorens die moontlike besluite van voorgaande sinodes betreffende die voorgestelde saak noukeurig gelees is nie. Sake wat reeds afgehandel is, moet nie opnuut aan die orde gestel word nie, tensy geoordeel word dat wysiging noodsaaklik is.

### **Artikel 34 Taak van voorsitter en skriba**

Dit is die taak van die voorsitter om die sake wat behandel moet word, duidelik aan die orde te stel. Hy moet sorg dat die besprekings ordelik verloop. Hy moet sprekers wat stry oor kleinighede of wat hulle deur hul emosies laat meevoer, die woord ontnem en hulle berispe as hul nie luister nie. Sy taak is beëindig as die vergadering afgesluit is.

Saam met die voorsitter sal 'n skriba aangewys word wat alles sal aanteken wat vir skriftelike vaslegging van waarde is.

### **Artikel 35 Bevoegdheid van die meerdere vergaderings ten opsigte van die mindere**

Die klassis het die bevoegdheid om regsgeldige uitsprake te doen ten opsigte van die kerkraad. Dit geld ook vir die sinode ten opsigte van die klassis.

### **Artikel 36 Samestelling en byeenkomste van die kerkraad**

In alle kerke sal daar 'n kerkraad wees wat bestaan uit die predikant(e) en die ouderlinge. Die kerkraad sal gereeld byeenkom onder voorsitterskap van die predikant of van die predikante beurtelings. Die kerkraad sal ook gereeld saam met die diakens vergader.

Hierdie vergadering sal die sake behandel wat die Kerkorde daarvoor aanwys, die materiële sake van die kerk, die finansiële beheer en alles wat na die oordeel van die kerkraad tot die algemene beleid gereken kan word.

### **Artikel 37 Samewerking waar die aantal ampsdraers klein is**

As die aantal ouderlinge en diakens klein is, kan die kerkraad volgens plaaslike reëling altyd saam met die diakens vergader. In so 'n geval word daar by sake van opsig en tug met die advies van die diakens gehandel, en by sake rakende die diakenamp met die advies van die ouderlinge. Hierdie reëling sal in elk geval getref word as die aantal ouderlinge en die aantal diakens minder as drie is.

### **Artikel 38 Instelling van die ampte**

Die ampte kan slegs met instemming van die klassis vir die eerste keer of opnuut op 'n plek ingestel word.

### **Artikel 39 Plekke sonder kerkraad**

Die klassis sal die plekke waar daar nog geen kerkraad kan wees nie, onder die sorg van 'n hulpverlenende kerkraad plaas.

### **Artikel 40 Vergaderings van die diakens**

Die diakens sal gereeld vergader om, onder aanroeping van die Here, die diakonale sake te behandel. Hulle sal aan die kerkraad van hul beleid en beheer verantwoording doen.

#### **Artikel 41      Klassikale vergaderings**

'n Klassikale vergadering word deur die kerke van die klassikale gebied gevorm wat elk 'n predikant en 'n ouderling sal afvaardig met die vereiste geloofsbriewe.

So 'n vergadering sal minstens een maal elke ses maande belê word. Elke vergadering sal vasstel waar en wanneer die kerke opnuut sal saamkom. Die predikante sal beurte maak om die voorsitterskap te beklee. Die vergadering mag ook sy voorsitter kies, maar nie dieselfde een twee maal na mekaar nie.

Die voorsitter sal vra of die amptelike dienste voortgaan, of die besluite van die meerdere vergaderings ten uitvoer gebring word, en of daar iets is waarby die kerkrade die oordeel of die hulp van die klassis nodig het vir die goeie voortgang van hulle plaaslike kerklike lewe.

In die laaste vergadering voor 'n sinode sal die afgevaardigdes na daardie sinode gekies word.

#### **Artikel 42      Nie-afgevaardigde predikante in die klassis**

As daar twee of meer predikante aan 'n kerk verbonde is, mag die predikante wat nie volgens die vorige artikel afgevaardig is nie, in die klassikale vergadering aanwesig wees, waar hulle 'n adviserende stem het.

#### **Artikel 43      Konsulente**

Die klassis sal vir elke vakante gemeente 'n predikant as konsulent aanwys wat die kerkraad ter wille van die goeie orde sal adviseer, in die besonder by beroepingswerk. Beroepingsbriewe behoort ook deur die konsulent onderteken te word.

#### **Artikel 44      Kerkvisitasie**

Die klassis sal elke jaar 'n paar van sy mees ervare en bekwame predikante magtig om visitasie te doen in alle kerke in sy gebied. Indien nodig, kan hy behalwe predikante ook 'n ouderling benoem wat vir hierdie taak bekwaam is.

Die visitatore sal ondersoek instel of die ampsdraers elkeen afsonderlik en gesamentlik hulle ampte getrou vervul, hulle by die suiwer leer hou, die aanvaarde orde in alles nakom en die opbou van die gemeente na die beste van hul vermoë met woord en daad bevorder.

Die doel van die visitasie is om ampsdraers by wie nalatigheid bemerk word, betyds te vermaan en ook om met raad en daad saam te werk aan die vrede, die opbou en die welsyn van die kerke.

Die visitatore sal 'n skriftelike verslag van hulle werk aan die klassis voorlê.

#### **Artikel 45      Partikuliere sinodes**

Indien 'n partikuliere sinode gevorm kan word, sal dit bestaan uit 'n aantal naburige klassisse, wat elk twee predikante en twee ouderlinge afvaardig. Die aantal kan op drie gestel word as die sinode deur twee of drie klassisse gevorm word. Die partikuliere sinode sal een keer per jaar saamkom, tensy daar dringende redes is om dit meer dikwels te doen.

Aan die einde van die partikuliere en algemene sinode sal die tyd en plek van die volgende sinode vasgestel word. Daar sal ook 'n sameroepende kerk vir hierdie vergadering aangewys word.

#### **Artikel 46      Die sinode**

Die sinode sal een keer in drie jaar gehou word, tensy daar dringende redes is om eerder te vergader. Elke klassis vaardig drie predikante en drie ouderlinge af.

Indien die sinode na die oordeel van 'n klassis binne die drie jaar saamgeroep moet word, sal die aangewese sameroepende kerk die tyd en plek daarvoor vasstel met die goedkeuring van sy klassis.

#### **Artikel 47      Verhouding met buitelandse kerke**

Die sinode beslis oor die verhouding met kerke in die buiteland. Daar sal, sover dit moontlik is, kerklike gemeenskap beoefen word met buitelandse kerke van gereformeerde belydenis.

Die buitelandse kerke sal nie op grond van ondergeskikte punte van kerkorde en kerklike praktyk veroordeel word nie.

#### **Artikel 48      Sensuur in meerdere vergaderings**

Aan die einde van klassikale en ander meerdere vergaderings, sal sensuur uitgeoefen word oor diegene wat hul in die vergadering misgaan het.

#### **Artikel 49      Deputate van meerdere vergaderings**

Elke meerdere vergadering sal deputate benoem vir die uitvoering van sy opdragte. Daar sal sover moontlik afsonderlike groepe deputate vir die onderskeie sake aangestel word.

Die sinode sal ook deputate benoem wat die klassisse moet bystaan in alle gevalle waar die Kerkorde dit voorskryf, en - op versoek van die klassisse - by spesiale probleme. Ook sal hulle, of 'n paar van hulle, toesig hou by die finale eksamen van die voornemende predikante.

Die deputate sal hul werksaamhede noukeurig aanteken en dit rapporteer.

Hulle moet hulself, as dit gevra word, kan verantwoord.

#### **Artikel 50      Argiewe**

Die kerkrade en die meerdere vergaderings behoort hul argief goed te versorg.

#### **Artikel 51      Verteenwoordiging van die kerkraad in materiële sake**

Ten opsigte van die bestuur van materiële sake word 'n kerk regtens verteenwoordig deur twee persone wat deur die kerkraad met diakens daarvoor aangewys is.

#### **Artikel 52      Verteenwoordiging van die kerke in regsake rakende kapitaalbesit**

Ten opsigte van regsake rakende kapitaalbesit wat die kerke in klassikale of sinodale verband gemeenskaplik het, word hulle verteenwoordig deur die klassikale of sinodale vergaderings, of deur deputate wat deur hierdie vergaderings benoem word, instruksies ontvang en ontslaan word, en wat in al hulle handeling aan instruksies gebonde is.

### **Artikel 53      Ondertekening van die belydenis deur predikante en dosente**

Die predikante, die professore en die ander dosente aan die Teologiese Opleiding sal die drie formuliere van eenheid van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika onderteken waarby die formuliere gebruik word wat vir die verskillende dienste vasgestel is. Predikante wat weier om dit te doen, sal as gevolg daarvan onmiddellik geskors word en die klassis sal hulle nie ontvang nie.

Indien hulle na samesprekings nog steeds weier, sal hulle afgesit word.

### **Artikel 54      Ondertekening van die belydenis deur ouderlinge en diakens**

Die ouderlinge en die diakens sal ook die genoemde formuliere van eenheid onderteken, waarvoor die bestemde formulier gebruik word.

### **Artikel 55      Wering van valse leer en dwaling**

Die predikante en die ouderlinge moet onderrig, weerlê, waarsku en vermaan, sowel in die prediking as in die kategeese en by huisbesoek, om valse leer en dwaling wat die lewe van die gemeente deur middel van lektuur en ander kommunikasiemiddels bedreig, af te weer.

### **Artikel 56      Bediening van die doop aan kinders**

Die doop as seël van die verbond van God sal so spoedig moontlik in 'n openbare erediens aan die kinders van gelowiges bedien word.

### **Artikel 57      Doopbelofte en onderwys**

Die kerkrade sal toesien dat die ouers sover moontlik hul kinders laat onderrig in ooreenstemming met die leer van die kerk soos hulle dit by die doop belowe het.

### **Artikel 58      Bediening van die doop aan volwassenes**

Volwasse dopelinge word deur die doop as lidmate in volle regte by die Christelike gemeente ingelyf. Hulle is daarom geroep om die nagmaal van die Here te vier en sal dit by hulle doop belowe.

### **Artikel 59      Gebruik van die doopformuliere**

Die predikante sal hulle by die doop van kinders en van volwassenes hou aan die formuliere wat daarvoor vasgestel is.

### **Artikel 60      Toelating tot die nagmaal**

Die kerkraad sal slegs diegene wat belydenis van hulle geloof volgens die gereformeerde leer afgelê het en wat godvresende lewe, tot die nagmaal van die Here toelaat. Diegene wat uit susterkerke kom, sal op grond van 'n goeie attestasie van leer en lewe toegelaat word.

### **Artikel 61      Bediening van die nagmaal**

Die nagmaal van die Here sal ten minste eenmaal in drie maande in 'n openbare erediens gevier word, volgens kerklike orde, onder toesig van die ouderlinge, waarby die vasgestelde formuliere gebruik moet word.



## **Artikel 62      Kerklieke registers**

Die kerkrade sal kerklieke registers byhou waarin die name van die lidmate en die datums van hulle geboorte, doop, openbare belydenis en huweliksbevestiging noukeurig aangeteken word.

## **Artikel 63      Attestaat na 'n ander gemeente**

As lidmate na 'n ander gemeente vertrek, sal die kerkraad aan hulle, na die vereiste afkondiging aan die gemeente, 'n attestaat betreffende leer en lewe saamgee, onderteken deur die voorsitter en die skriba. Op hierdie attestaat sal ook hulle kinders wat nog nie belydenis van die geloof afgelê het nie, vermeld word. Daar sal betyds 'n berig aan die betrokke gemeente gestuur word. Indien 'n lidmaat wat nog nie belydenis van die geloof afgelê het nie, besluit om na 'n ander plek te verhuis, sal 'n attestaat aan die betrokke kerkraad gestuur word met die versoek dat die lidmaat onder sy opsig en tug geplaas word.

## **Artikel 64      Hulpverlening by vertrek**

As lidmate na 'n ander gemeente vertrek waar hulle in inrigtings, ouetehuse of hospitale versorg word, bly hulle wat die diakonale bystand betref, sover moontlik by die kerk wat hulle verlaat. Indien dit nie moontlik is nie, sal die hulpverlening in oorleg met die betrokke kerkrade gereël word.

## **Artikel 65      Die erediens op die dag van die Here**

Die kerkraad sal die gemeente op die dag van die Here twee keer vir die erediens saamroep. Die kerke sal hulle hou by die orde van diens wat deur die sinode goedgekeur is.

## **Artikel 66      Kategismusprediking**

Die kerkraad moet sorg dra dat, as reël, een keer per Sondag in die prediking die leer van die Woord van God verklaar word soos dit in die Heidelbergse Kategismus saamgevat is.

## **Artikel 67      Psalms en gesange**

In die erediens sal die psalms gesing word volgens 'n beryming wat deur die sinode aanvaar is, en ook daardie gesange wat die sinode goedgekeur het.

## **Artikel 68      Kerklieke feesdae**

Die kerkraad sal op Kersdag, Goeie Vrydag, Pase, Hemelvaartsdag en Pinksterdag die gemeente saamroep tot openbare erediens, waar die heilsfeite wat die gemeente op hierdie dae in die besonder herdenk, verkondig word.

## **Artikel 69      Biddae**

In tye van oorlog, algemene rampe en ander groot probleme waarvan alle kerke die druk ervaar, sal 'n biddag uitgeskryf word deur die klassis wat deur die laaste sinode daarvoor aangewys is.

## **Artikel 70      Kerklieke huweliksbevestiging**

Die kerkraad sal toesien dat die huwelike kerklik bevestig word, waarby die vasgestelde formulier gebruik moet word.

## **Artikel 71      Geen roudienste**

Roudienste sal nie belê word nie.

## ***D: DIE TUG***

### **Artikel 72 Doel van die tug**

Die kerklike tug sal na die Woord van God en tot sy eer bedien word.

Die doel hiervan is dat die sondaar met God en sy naaste versoen word, en dat die aanstoot uit die gemeente van Christus weggeneem word.

### **Artikel 73 Onderlinge toesig**

As iemand afwyk van die suiwer leer of hom in sy lewe wangedra, en dit 'n geheime saak is wat geen openbare aanstoot gee nie, sal die reël wat Christus duidelik in Mattheüs 18 voorskryf, nagekom word.

### **Artikel 74 Aanmelding by die kerkraad**

Geheime sondes mag nie aan die kerkraad bekend gemaak word as die sondaar na persoonlike, broederlike vermaning of na vermaning met een of twee getuies, berou toon nie.

Wanneer iemand volgens die reël van Mattheüs 18 oor 'n geheime sonde vermaan is en daaraan geen gehoor gee nie, of wanneer iemand 'n openbare sonde gepleeg het, sal dit aan die kerkraad meegedeel word.

### **Artikel 75 Skuldbelydenis by bekering**

As iemand hom van 'n openbare sonde of van 'n geheime sonde wat aan die kerkraad gemeld moes word, bekeer, sal die kerkraad sy skuldbelydenis aanvaar indien hy voldoende tekens van berou toon. Die kerkraad sal beoordeel of die gemeente van hierdie skuldbelydenis in kennis gestel moet word.

### **Artikel 76 Tugmaatreëls**

Die kerkraad sal toegang tot die nagmaal van die Here weier aan diegene wat die kerklike vermaning hardnekkig verwerp, of wat 'n openbare, of in ander opsigte ernstige sonde, begaan het.

Indien hy na talryke daaropvolgende vermanings geen teken van berou toon nie, sal die kerkraad as uiterste maatreël tot ekskommunikasie oorgaan, waarby die vasgestelde formulier gebruik moet word.

Niemand mag geëskommunikeer word sonder die instemming van die klassis nie.

### **Artikel 77 Afkondigings tydens die prosedure**

Voordat die kerkraad - na die ontseggings van die nagmaal en die daaropvolgende vermanings - tot ekskommunikasie oorgaan, sal hy die hardnekkigheid van die sondaar aan die gemeente bekend maak. Daarby sal sy sondes genoem word asook die vele pogings om hom tot inkeer te bring deur bestraffing, ontseggings van die nagmaal en talryke vermanings. Die gemeente sal aangespoor word om hom aan te spreek en vir hom te bid.

Hiervoor sal drie maal 'n afkondiging gemaak word. Om die sondaar nog te ontsien, sal sy naam in die eerste afkondiging nie genoem word nie.

By die tweede afkondiging sal sy naam wel genoem word met die instemming, volgens artikel 76, van

die klassis.

By die derde afkondiging sal die kerkraad aan die gemeente bekendmaak dat hy uit die gemeenskap van die kerk gesluit sal word as hy hom nie bekeer nie; so sal die ekskommunikasie die stilswyende instemming van die gemeente hê.

Die kerkraad sal oor die tydsverloop tussen die afkondigings beslis.

#### **Artikel 78 Heropneming van geëkskommunikeerdes**

As 'n geëkskommunikeerde langs die weg van berou weer in die gemeente opgeneem wil word, sal dit aan die gemeente bekendgemaak word.

As niemand hierteen beswaar maak nie, sal hy na verloop van minstens drie Sondae weer opgeneem word, na die doen van openbare skuldbelydenis, waarby die vasgestelde formulier gebruik moet word.

#### **Artikel 79 Tug oor ampsdraers**

As predikante die kerklike vermaning verwerp, of as hulle 'n openbare of in ander opsigte ernstige sonde begaan, sal hulle geskors word op grond van die oordeel van hulle kerkraad en dié van die hulpverlenende gemeente, soos deur die klassis daarvoor aangewys.

Die klassis moet met advies van die sinodale deputate vir die klassis, soos in artikel 14 genoem, oordeel of hulle afgesit moet word.

As ouderlinge of diakens hulle aan een van die genoemde sondes skuldig maak, is die oordeel van hulle kerkraad en dié van die hulpverlenende gemeente, voldoende vir hulle skorsing of afsetting.

#### **Artikel 80 Sondes wat tug oor ampsdraers noodsaaklik maak**

Ernstige sondes wat rede vir skorsing of afsetting van ampsdraers is, is in die besonder die volgende: die aanhang van valse leer, openbare skeurmakery, godslastering, simonie, ontroue diensverlating of indringing in die dienswerk van 'n ander, meened, egbreuk, ontug, diefstal, geweldpleging, gereelde dronkenskap en onregmatige selfverryking. Verder moet hierby alle sondes en ernstige misdade wat by ander lidmate rede vir ekskommunikasie is, gereken word.

#### **Artikel 81 Onderlinge toesig van die ampsdraers**

Die predikante, ouderlinge en diakens sal onderling Christelike sensuur uitoefen en mekaar insake die bediening van hulle amp aanspoor en vriendelik tereg wys.

#### **Artikel 82 Tug oor dooplidmate**

Die kerkraad sal iemand wat as kind die doop ontvang het, vermaan as hy as volwassene nalaat om openbare geloofsbelydenis af te lê, of ook in ander opsigte aan sy roeping tot nuwe gehoorsaamheid in die verbond van God ontrou is. Indien hy die vermaning van die kerkraad hardnekkig verwerp, en daarby duidelik laat blyk dat hy afkerig is van die verbond en onverskillig of selfs vyandig teenoor die diens van die Here staan, sal dit met instemming van die klassis aan die gemeente bekendgemaak word. By die afkondiging sal die kerkraad sy naam noem en ook 'n tydperk vasstel. Die gemeente sal aangespoor word om hom aan te spreek en om vir hom te bid. As hy in die genoemde tydperk geen teken van opregte berou toon nie, sal die kerkraad hom in 'n erediens uit die gemeenskap van die kerk sluit, waarby die vasgestelde formulier gebruik moet word.

Indien hy na hierdie ekskommunikasie tot bekering kom en weer by die gemeenskap van die kerk wil aansluit, sal hy deur middel van openbare geloofsbelydenis toegelaat word, nadat die kerkraad sy bekering aan die gemeente bekendgemaak het.

## **SLOTARTIKELS**

### **Artikel 83      Geen heerskappy**

Geen kerk mag oor ander kerke, en geen ampsdraer oor ander ampsdraers, op watter manier ook al, heers nie.

### **Artikel 84      Nalewing en wysiging van die Kerkorde**

Al hierdie artikels is, wat die wettige orde van die kerk betref, in gemeenskaplike oorleg vasgestel en in eensgesindheid aanvaar.

As dit in die belang van die kerke is, behoort hulle gewysig, aangevul of verminder te word. 'n Kerkraad en 'n klassis mag dit egter nie doen nie; hulle sal hulle daarop toelê om die bepalings van hierdie Kerkorde na te leef solank hulle nie deur die sinode verander is nie.

*Nota: Hierdie VGKSA Kerkorde weerspieël alle wysigings, soos aanvaar deur VGKSA sinodes tot Sinode 2005. Geen verdere wysigings is deur daaropvolgende sinodes aanvaar nie tot Sinode 2021.*

## **SINODEREËLS VAN DIE VRYE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

### **Artikel 1: Vergaderskema van die sinode**

- 1.1 Die sinodes van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika sal elke drie jaar saamgeroep word.
- 1.2 Die sinode sal saamgeroep word deur die kerk wat deur die vorige sinode benoem is om die tyd en plek vir die sinode te reël.
- 1.3 Indien daar 'n dringende rede is om 'n buitengewone (ad-hoc) sinode saam te roep en minstens een klassis om dieselfde rede dit versoek, sal die sameroepende kerk in oorleg met die ander kerke, die tyd en plek van so 'n sinode vasstel.

### **Artikel 2: Die take van die sameroepende kerk**

- 2.1. Die sameroepende kerk sal die sinode voorberei in samewerking met die benoemde Sinodale Administrateur en sal die volgende aksies uitvoer volgens die hieronder aangeduide tydskema:

#### **2.1.1. Ten minste sewe maande voor die aanvang van die sinode:**

- 2.1.1.1 'n Versoek aan die kerke rig om enige nuwe sake vir insluiting in die voorlopige agenda in te stuur volgens Artikel 30 van die Kerkorde. Sulke items behoort die roepende kerk nie later nie as twee maande voor die aanvang van die sinode te bereik;
- 2.1.1.2. 'n Versoek aan die klassisse rig om sake vir die voorlopige agenda in te stuur. Hierdie sake moet tenminste twee maande voor die aanvang van die sinode by die roepende kerk ingehandig word. Die sinode kan besluit om in uitsonderlike omstandighede later ingehandigde sake te aanvaar;
- 2.1.1.3. Lig die sekretarisse van die Deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke en die Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke in oor die geskeduleerde vergaderdatums van die sinode.
- 2.1.1.4. Rig 'n versoek aan die deputate om hulle verslae, in die voorgeskrewe formaat, ten minste ses (6) maande voor die aanvang van die sinode, vir die roepende kerk en al die kerke in die kerkverband te stuur en hulle finale verslag met 'n 'Hersieningsbylae' (waar toepaslik) tenminste twee (2) maande voor die aanvang van die sinode.
- 2.1.1.5. Die gemeentes kan dan die verslae bestudeer en, tot uiterlik drie (3) maande voor die aanvang van die sinode, aanbevelings en besware na die roepende kerk vir die volgende sinode stuur, met 'n afskrif daarvan na die deputate.
- 2.1.1.6 Die deputate het dan die geleentheid om die aanbevelings/besware te bestudeer en, waar dit nodig geag word, 'n "Hersieningbylae" by hulle verslag na die roepende kerk te stuur, waarin besonderhede oor wysigings aan hulle oorspronklike verslag verskaf word.

#### **2.1.2. Ten minste twee maande voor die aanvang van die sinode:**

- 2.1.2.1. Stel 'n voorlopige agenda vas en stuur een elektroniese afskrif daarvan na alle kerke en ook aan die sekretaris van die Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke. Hierdie agenda moet vergesel wees van een elektroniese afskrif van alle relevante inligting;
- 2.1.2.2. Stuur alle relevante dokumentasie na die kerkrade, sinodeafgevaardigdes, soos deur die klassisse benoem en enige ander officieel benoemde afgevaardigdes en alle nie-vertroulike dokumente na die administrateur van die VGKSA webblad vir onmiddellike publikasie op dié webblad;
- 2.1.2.3. Stel 'n tydrooster vir die sinodevergaderings op.

#### **2.1.3. Ten minste een maand voor die aanvang van die sinode:**

- 2.1.3.1. Plaas 'n kennisgewing van die komende sinode sowel as die voorlopige agenda in die plaaslike nuusbriewe of ander gereelde publikasies van al die kerke in die kerkverband van die VGKSA;
- 2.1.3.2. Rig in ooreenstemming met artikel 3 en volgens voorstelle van deputate, 'n versoek tot moontlike adviseurs om die sinode by te woon;
- 2.1.3.3. Stel deputate betyds in kennis van die tydstip waarop hulle teenwoordigheid by die sinode benodig word;
- 2.2. Rapporteer oor die ondersoek van die geloofsbriewe en sorg vir die ondertekening van die presensielys deur die afgevaardigdes voor die sinode gekonstitueer word;
- 2.3. Roep 'n bidstond saam voor die aanvang van die sinode om God se seën oor die werk van die sinode te vra.
- 2.4. Rapporteer oor voorstelle en wysigingsvoorstelle wat te laat ingekom het (sien artikels 2.1.1.1, 2.1.1.2, 2.1.1.4). Sulke dokumente sal deur die sinode as onontvanklik verklaar word, tensy die sinode uitdruklik anders besluit.

### **Artikel 3: Samestelling van die sinode**

- 3.1. Die sinode word saamgestel uit wettige afgevaardigdes van die klassisse. Hulle moet, kragtens artikel 32 van die Kerkorde, geloofsbriewe van hul klassis saambring waarin hulle binding aan die Heilige Skrif, die drie Formuliere van Enigheid en die Kerkorde uitgedruk word.
- 3.2. Elke klassis vaardig drie predikante of sendelinge en drie ouderlinge af. Indien daar nie drie predikante afgevaardig kan word nie, as gevolg van vakatures of wettige verhinderings, kan daar meer ouderlinge afgevaardig word. As 'n diaken in plaas van 'n ouderling afgevaardig word, besluit die sinode of hy stemreg sal hê.
- 3.3. Alle predikante en sendelinge van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat nie na die sinode afgevaardig is nie, mag die sinode bywoon, waar hulle, op versoek van die voorsitter, as adviseurs kan optree.
- 3.4. Amptelike afgevaardigdes van die kerke wat met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika korrespondeer, kan op versoek van die voorsitter, ook as adviseurs toegelaat word.
- 3.5. Klassisse en deputaatskappe is geregtig om sekere predikante of sendelinge aan die roepende kerk voor te stel om as adviseurs te dien.

### **Artikel 4: Die agenda**

Die volgende items moet op die agenda van elke gewone sinode verskyn. Items met (\*) gemerk kan vir buitengewone sinodes weggelaat word en met die saak of sake, waarvoor die sinode saamgeroep is, vervang word:

- 4.1. Opening deur die sameroepende kerk.
- 4.2. Ondertekening van bywoningsregister, ondersoek van en verslag oor die geloofsbriewe.
- 4.3. Verkiesing van 'n moderamen en konstituering van die sinode.
- 4.4. Betuiging van instemming met die Belydenis deur die afgevaardigdes.
- 4.5. Vasstelling van finale datum vir toelaatbaarheid van dokumente wat na die normale sperdatum ontvang is.
- 4.6. Vasstelling van die agenda.

- 4.7. Vasstelling van die werkwys van die sinode.
- 4.8. \*Sake wat by die sameroepende kerk ingekom het.
- 4.9. \*Instruksies van klassisse.
- 4.10. \*Voorstelle van klassisse.
- 4.11. \*Verslae van:
  - 4.11.1 Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke.
  - 4.11.2 Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke (Kerkgroepe).
  - 4.11.3 Sendingdeputate.
  - 4.11.4 Deputate Kuratore vir Opleiding tot Woorddiens en Art. 19 KO
  - 4.11.5 Deputate Artikel 11 KO (Hulpbehoewende Kerke).
  - 4.11.6 Deputate Artikel 49 van die Kerk Orde
  - 4.11.7. Die Kwestor.
  - 4.11.8. Deputate vir Kontrole van die Kwestor.
  - 4.11.9. Sinodale administrateur & Argief.
  - 4.11.10. Deputate vir Kontrole van die argief.
  - 4.11.11. Alle ander deputate soos deur die vorige sinode benoem.
- 4.12. \*Benoeming van deputate, Argiefbewarende kerk en Klassis vir biddae volgens artikel 69 KO.
- 4.13. \*Seënwense aan die staatspresident en die burgemeester van die dorp of stad waar die sinode vergader.
- 4.14. Rondvraag volgens artikel 41, paragraaf 2, van die Kerkorde.
- 4.15. Persoonlike rondvraag.
- 4.16. \*Aanwysing van die sameroepende kerk en die vasstelling van die tyd en plek van die volgende sinode.
- 4.17. Vasstelling van die Handeling en die Kort Verslag.
- 4.18. Sensuur volgens artikel 48 van die Kerkorde.
- 4.19. Sluiting.

#### **Artikel 5: Die moderamen**

- 5.1. Die sinode word geopen deur 'n ampsdraer wat deur die sameroepende kerk daartoe versoek is. Nadat daar oor die geloofsbriewe verslag gedoen is, word 'n moderamen verkies en word die vergadering gekonstitueer.
- 5.2. Die moderamen bestaan uit 3 lede, naamlik die voorsitter, die skriba en die 2de voorsitter. Die moderamen word deur stemming verkies volgens die riglyne soos beskryf in artikel 9.
- 5.3. Die voorsitter**
  - 5.3.1. Die voorsitter moet sorg dat sake in die korrekte orde behandel word en so spoedig as moontlik afgehandel word en dat die sinodelede die reëls vir 'n goeie orde, volgens artikel 34 KO, in ag neem.
  - 5.3.2. Enige voorstel wat gesekondeer word, sal hy aan die sinode voorlê, in ooreenstemming met

die aanvaarde volgorde. In geval van sake waarvoor gestem moet word sal hy seker maak dat alle vrae en onsekerhede in verband met die saak duidelik uitgeklaar is, sodat elke lid weet waarom hy sy stem uitbring.

- 5.3.3. Indien die voorsitter die behoefte voel om aan 'n bespreking van 'n sekere saak deel te neem, sal hy, vir die tydperk van die bespreking, die voorsitterskap aan die 2de voorsitter oordra.
- 5.3.4. Hy het die reg en sal dit ook uitoefen, om voorstelle of persone buite orde te verklaar. Indien sodanige verklarings vanuit die vergadering aangeveg word, sal dit aan die sinode voorgelê word vir 'n besluit daaroor by meerderheidsstem.

#### **5.4. Die 2de voorsitter**

- 5.4.1. Die 2de voorsitter sal, in die geval van afwesigheid van die voorsitter, al sy pligte en regte oorneem.
- 5.4.2. Hy sal soveel as moontlik die voorsitter ondersteun soos die omstandighede dit vereis.
- 5.4.3. Die 2de voorsitter is belas met die opstel van 'n Persverslag van die sinode, wat hy na goedkeuring deur die moderamen in 'n geskikte blad publiseer.

#### **5.5. Die skriba**

- 5.5.1. Die skriba is verantwoordelik vir die opstel van die Handeling van die Sinode. Hierdie Handeling word sover moontlik tydens die vergadering voltooi.
- 5.5.2. Die skriba is verantwoordelik vir enige korrespondensie van die sinode. Na die sluiting van die sinode dra hy die sinodedokumente, met 'n inhoudsopgawe, aan die argiefbewarende kerk oor om in die argief opgeneem te word.

### **Artikel 6: Bywoning van die sinode**

- 6.1. Die sinodevergaderings is toeganklik vir alle lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- 6.2. Die sinode besluit oor die toelating van nie-lidmate.

### **Artikel 7: Geslote vergadersessies van die sinode**

- 7.1. Van geslote vergadersessies sal gebruik gemaak word In gevalle van sensitiewe of ongewone situasies of wanneer persoonlike sake bespreek word. Die voorsitter sal, in oorleg met die ander moderamenede, besluit oor geslote vergadersessies.
- 7.2. 'n Geslote sessie beteken as 'n reël 'n vergadersessie waarby slegs die sinodelede en die sinodale administrateur aanwesig mag wees. Die sinode kan ander persone nooi om by die sessie aanwesig te wees indien dit noodsaaklik geag word.

### **Artikel 8: Sinodale korrespondensie**

- 8.1. Korrespondensie van die sinode aan persone, kerkrade of ander kommissies binne die kerkverband, word deur die skriba onderteken en afgehandel.
- 8.2. Amptelike korrespondensie aan persone of instansies buite die kerkverband moet deur die moderamen onderteken word.
- 8.3. Afskrifte van alle korrespondensie moet in die argief bewaar word.



## **Artikel 9: Reëls vir Besluitneming en Stemnings**

- 9.1. Besluite word as volg geformuleer: Dokumentasie – oorwegings - besluit – gronde.
- 9.2. Besluite sal verkieslik eenparig geneem word. By 'n moontlike stemming oor 'n voorstel of wysigingsvoorstel word 'n meerderheid van stemme vereis vir aanvaarding daarvan.
- 9.3. Die voorsitter het die reg om te besluit hoe 'n verkiesing gehou sal word, deur afroep van die presensielys (in enige volgorde) of daar handopsteking.
- 9.4. By staking van stemme word 'n voorstel verwerp, en in die geval van 'n eksaminering van 'n kandidaat word hy afgewys.
- 9.5. Oor persone sal skriftelik gestem word. Hierby geld dat 'n volstrekke meerderheid van stemme behaal moet word. Blanco stemme word nie as 'n geldige stem by die bepaling van die meerderheid gereken nie. Hierdie reëling geld vir enige stemming oor persone.
- 9.6. By die bepaling van die meerderheid van stemme word blanco stemme en onthoudings nie saamgetel nie.
- 9.7. Die sinode kan eenparig persone benoem wat deur die moderamen aanbeveel is. Indien geen eenparigheid bestaan nie, vind die verkiesing soos volg plaas:
  - 9.7.1. Deur middel van vrye stemming.
  - 9.7.2. Waar daar uit meer as twee persone gekies moet word en by 'n eerste stemming geen meerderheid verkry word nie, vind 'n tweede vrye stemming plaas.
  - 9.7.3. Indien daar na die tweede vrye stemming nog geen meerderheid verkry is nie, moet 'n herstemming gehou word tussen hulle wat die meeste stemme verkry het, met dien verstande dat dan gestem word uit twee keer die aantal benodigde persone.
  - 9.7.4. As by daardie stemming geen meerderheid verkry word nie, word die oudste persoon of persone benoem.
- 9.8. Die voorsitter mag, met advies van die Sinode, reël dat besluite oor enige saak deur middel van 'n skriftelike stemmings bepaal word.

## **Artikel 10: Deputate**

- 10.1. Die Sinode sal, vir die uitvoering van besluite van die Sinode, kerke of klassisse of persone as deputate met spesifieke opdragte benoem. Uitvoering van besluite waarvoor geen deputate benoem is nie, is die taak van die moderamen.
- 10.2. Take moet soveel as moontlik eweredig verdeel word. Deputate sal verkieslik nie meer as drie agtereenvolgende periodes in dieselfde deputaatskap benoem word nie.
- 10.3. In gevalle van deputaatskappe met 'n beperkte aantal lede moet voldoende plaasvervangende lede benoem word om 'n goeie funksionering van die deputaatskap te verseker.
- 10.4. Waar die deputate se funksionering nadelig beïnvloed word deur verlies van lede of nie-beskikbaarheid van plaasvervangende lede, het deputate die reg om addisionele lede te benoem sodat deputate hulle mandaat kan uitvoer. Sulke benoemings moet genoem en geregverdig word in die deputate se verslag aan die volgende sinode.
- 10.5. Sodanige wysigings in die deputaatskap se samestelling moet aan die sinodale administrateur gerapporteer word.
- 10.6. Deputate het 'n mandaat om adviseurs te konsulteer soos benodig. Sulke konsultasies moet in die deputateverslag aan die volgende sinode genoem word. Die betrokke adviseurs sal nie

toegelaat word om aan die sinodebesprekings deel te neem nie, behalwe wanneer die voorsitter hulle daartoe versoek. Deputate sal die roepende kerk voorstel om adviseurs te nooi om die sinode by te woon, indien hulle dit nodig ag.

- 10.7. Die opdragte aan deputate duur van sinode tot sinode.
- 10.8. Deputate moet 'n verslag van hulle aktiwiteite, ten minste ses (6) maande voor die aanvang van die volgende sinode, na die roepende kerk en ook na alle gemeentes in die kerkverband stuur en 'n finale verslag (met 'n 'Hersieningbylae' waar toepaslik) moet die roepende kerk nie later nie as twee (2) maande voor die aanvang van die sinode bereik. Deputateverslae moet in Engels geskryf word en sal sover moontlik die inligting bevat, en in die formaat wees, soos aangedui in die Bylae hieronder. Deputate wat verslae of bylaes in ander tale verskaf, moet 'n Engelse opsomming daarvan by hulle verslag voeg.

### **Artikel 11: Instruksies aan deputate**

Elke sinode sal die opdragte vir die onderskeie deputaatskappe vasstel. Behalwe hierdie spesifieke opdragte, sal die volgende algemene instruksies geld:

#### **11.1. Deputate vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke:**

- 11.1.1. sal uit vyf lede bestaan waaruit 'n voorsitter en 'n sekretaris gekies word;
- 11.1.2. stuur die sinodehandelinge, die voorlopige agenda vir die sinode, en die verslag van die Deputate vir Korrespondensie met Buitelandse Kerke aan die deputate van kerke waarmee die VGKSA offisiële susterkerkverhoudings het;
- 11.1.3. stuur briewe met seënwense namens die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, aan die sinodes van kerke waarmee die VGKSA offisiële susterkerkverhoudings het;
- 11.1.4. verskaf attestate aan predikante en sendelinge van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika wat wil voorgaan in eredienste van kerke waarmee die VGKSA offisiële susterkerkverhoudings het;
- 11.1.5. sal korrespondensie met susterkerke onderhou volgens die goedgekeurde reëls (Art. 25, punt 2.1., Acts of FRCSA Synod 2014);
- 11.1.6. rapporteer oor besluite van sinodes van kerke waarmee die VGKSA offisiële susterkerkverhoudings het;
- 11.1.7. sal korrespondensie met, en Sinodehandelinge van, die kerke waarmee die VGKSA offisiële susterkerkverhoudings het, aan deputate verantwoordelik vir die argief, oorhandig.

#### **11.2. Deputate vir Kontak met Binnelandse Kerke (Kerkgroepe):**

- 11.2.1. sal uit vyf lede bestaan. waaruit 'n voorsitter en 'n sekretaris gekies word, en twee plaasvervangende lede;
- 11.2.2. sal voorstelle formuleer en aan die sinode voorlê in verband met die beoefening van kontak met binnelandse kerke (kerkgroepe);
- 11.2.3. sal afgehandelde korrespondensie en dokumente aan deputate verantwoordelik vir die argief, oorhandig.

#### **11.3. Sinodale kwestor:**

- 11.3.1. sal in geen enkele hoedanigheid deel wees van enige ander deputaatskap nie.
- 11.3.2. is verantwoordelik vir die beheer van sinodale inkomste en uitgawes;
- 11.3.3. sal 'n oorsigtelike boekhouding byhou waarby alle bewyse van inkomste en uitgawes getoon

kan word;

- 11.3.4. sal vergoeding betaal vir enige onkoste wat in die uitvoering van opdragte van die sinode gemaak is en waarvoor gespesifiseerde rekening ontvang is;
- 11.3.5. sal 'n finansiële verslag opstel wat bestaan uit 'n inkomste- en uitgawestaat en 'n balansstaat vir kontrole deur die sinode;
- 11.3.6. sal toesien dat 'n jaarlikse kontrole van bogenoemde finansiële state deur die benoemde deputate uitgevoer word, en dat 'n verslag daarvan aan die sinode voorgelê word;
- 11.3.7. sal voorstelle insake die kerklike bydraes vir die tydperk tot die volgende sinode voorlê en sal toesien dat die gemeentelike bydraes vir die kerkverband, soos deur die laaste sinode vasgestel, betyds betaal word.

#### **11.4. Sinodale Administrateur en Argief:**

- 11.4.1. sal, in opdrag van die sinode of the roepende kerk, die administrasie van die sinode hanteer;
- 11.4.2. sal die deputaatskap behulpsaam wees, wat deur die sinode aangewys is om 'n Indaba te reël en ook die roepende kerk met die voorbereiding van die sinode;
- 11.4.3. sal besluite en ander relevante sake tydens die vergaderings van die sinode notuleer en sal die skriba bystaan met die samestelling van die Sinodehandeling. Die sinodale administrateur mag ook tydens geslote vergadersessies aanwesig wees om notule te skryf wat hy as vertroulik sal behandel;
- 11.4.4. sal in samewerking met die argiefbewarende kerk, as argivaris optree;
- 11.4.5. sal oortollige Sinodehandeling teen kosprys aan belangstellendes te koop aanbied;
- 11.4.6. sal deputate artikel 49 KO versoek om hulle verslae oor besoeke aan klassisvergadering onmiddellik na die besoeke in te dien;
- 11.4.7. sal by deputate inligting vra oor die vordering van hulle werk gedurende inter-sinodale periodes;
- 11.4.8. sal die verskillende deputaatskappe versoek om hulle verslag in Engels in te dien, met uitsondering van dié deputate wat hoofsaaklik nie-Engelse sake hanteer. In die laaste geval moet deputate versoek word om met hulle verslag 'n Engelstalige opsomming daarvan in te sluit;
- 11.4.9. sal reël dat die publikasie van sinodehandeling soos volg plaasvind (Handeling van Sinode 2008, art.16):
  - 11.4.9.1. 'n beperkte aantal gedrukte eksemplare van die volledige Handeling met bylaes sal vir verspreiding na kerkrade, argiewe, biblioteke en deputate gebruik word;
  - 11.4.9.2. die volledige Handeling met bylaes sal ook elektronies beskikbaar gestel word vir belangstellendes;
  - 11.4.9.3. sal daarvoor sorg dra dat aan wettelike vereistes voldoen word insake die verspreiding van eksemplare van die Handeling na openbare instansies.

#### **11.5. Argiefbewarende kerk:**

- 11.5.1. sal in samewerking met die benoemde Sinodale Administrateur vir die argief sorg;
- 11.5.2. sal daarop toesien dat die benoemde argivaris sorg dat die argief volledig en toeganklik is.

Die volgende dokumente moet in die argief wees:

- Handeling van die sinodes.
- Handeling van sinodes van kerke waarmee die VGKSA offisiële susterkerkverhoudings

- het.
  - Verslae en briewe van alle deputaatskappe.
  - Alle dokumente wat by sinodes ingekom het.
  - Afskrifte van briewe wat deur sinodes verstuur is.
- 11.5.3. Die argief moet voor elke sinode gekontroleer word deur die deputate wat deur die vorige sinode daarvoor benoem is.
- 11.6. Enige ander deputaatskappe vir die uitvoering van take soos deur die sinode noodsaaklik geag.**

**Artikel 12: Indabas (Vorbereidende tussentydse vergaderings van alle deputaatskappe).**

- 12.1. Sinodes kan besluit om deputate te benoem (of om dit aan die takepakket van enige ander deputaatskap toe te voeg) om voorbereidende vergaderings (bekend as “indabas”) van verteenwoordigers van deputaatskappe en kerkrade te reël.
- 12.2. Die doel van sulke vergaderings is om deputate die geleentheid te gee om tussentydse vordering te rapporteer en om hulle werk in ’n breër forum te bespreek sodat hulle ’n meer akkurate verslag aan die sinode kan voorlê en om kontakte tussen gemeentes te bevorder. (Acts of the FRCSA Synod 2014, Artikel 28).
- 12.3. Sulke vergaderings moet verkieslik halfpad tussen sinodes gereël word.
- 12.4. Deputate word versoek om in hierdie vergaderings verslag te doen van die vordering van hulle werk. Sodanige verslae moet as ’n bylae ingesluit word by die verslag aan die komende sinode.

**Artikel 13: Wysiging van Sinodereëls**

- 13.1. Wysiging van hierdie Sinodereëls mag slegs deur ’n sinode oorweeg word as 'n sodanige voorstel deur ’n klassis op die agenda van die sinode geplaas is, of indien dit deur ’n deputaatskap, wat deur die sinode hiervoor benoem is, aanbeveel word.
- 13.2. Alle wysigings moet deur die sinode goedgekeur word alvorens hulle van krag kan word.

**Artikel 14: Vertolking van Sinodereëls**

- 14.1. Die finale besluit in geval van ’n geskil insake die vertolking van hierdie reëls, sal met meerderheid van stemme bepaal word.
- 14.2. In die geval van ’n geskil insake die vertolking van hierdie reëls sal die Engelse teks voorkeur geniet.

**Goedgekeur en vasgestel deur die sinode van die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te Belhar, 12 – 16 April 2021.**

Ds. J. Bruintjes, voorsitter

Br R. Snijder, skriba

Br. G. Hagg, 2de voorzitter

## **Bylae**

### **Voorgestelde verslagtemplaar**

Verslag van Deputate ..... aan Sinode .....

---

Naam van Deputaatskap

Datum van verslag

Weergawe (byv. meerderheidsverslag, minderheidsverslag, volgordenommer indien meer as een verslag)

Datum en plek van opdraggewende Sinode.

Datum en plek van voorgestelde ontvangende Sinode.

Opdragte (verskaf verwysings en volledige teks, van die Handeling van die Sinode wat die deputate benoem het).

Aanbevelings (hier geen gronde nie, dit kom later, onder Volledige Verslag). Hierdie aanbevelings behoort in 'n, vir die Sinode, bruikbare formaat te wees.

Samestelling van Deputaatskap (insluitende bedankings, geko-opteerde lede, redene vir wysigings).

Opsomming van aktiwiteite en gebruikte metodes, taakverdeling van die lede.

Volledige Verslag (volgens opdragte, beskryf die proses wat tot gevolgtrekkings gelei het, verskaf ondersteunende argumente)

- Dokumentasie
- Oorwegings
- Voorgestelde Besluit
- Voorgestelde Gronde.

Handtekening van deputate en geko-opteerde lede.

Bylaes (Ondersteunende dokumente, as opdragte die voorstelling van enige tekste inhou, behoort dit hier ingevoeg te word). Bylaes moet kruisverwysings na die verslag insluit.

## **REËLS VIR DIE ONDERHOUDING VAN SUSTERKERKVERHOUDINGS MET ANDER KERKVERBANDE.**

Die VGKSA onderhou susterkerkverhoudings met ander kerke wat die kenmerke van die kerk van Jesus Christus vertoon.

1. Die doel van die verhouding is om mekaar te ondersteun by die onderhouding, verdediging en bevordering van die Skriftuurlike waarheid soos saamgevat in die Gereformeerde Belydenisgeskrifte betreffende die leer en kerklike praktyke, en soos dit tot uiting kom in die prediking, kerklike tugtoepassing en eredienste;
2. Die kerke sal mekaar in kennis stel van die agenda en besluite van hulle sinodes;
3. Die kerke sal mekaar se afgevaardigdes uitnooi om hulle sinodes by te woon en sal hulle as adviseurs ontvang waar toepaslik;
4. Die kerke sal hulle Sinodehandelinge met mekaar uitruil en mekaar oor relevante besluite inlig;
5. Die kerke sal mekaar se lidmate toelaat om die sakramente te gebruik;
6. Die kerke sal mekaar se predikante toelaat om die Woord te predik en die sakramente te bedien;
7. Die kerke sal soveel as moontlik hulle susterkerke inlig oor voorgestelde wysigings van belydenisse, kerkorde en liturgiese formuliere, wat deur sinodes oorweeg word, sodat hulle mekaar kan adviseer voordat besluite geneem word;
8. Die kerke sal die susterkerke in kennis stel van die aangaan van nuwe susterkerkverhoudings.

*Goedgekeur en aanvaar deur Sinode 2014. (Art. 25, punt 2, Acts of Synod 2014).*

## GESANGE\*

[Hierdie liedere word gebruik met verlof van NG Kerk Uitgewers, ingelyf by Bybel-Media]

\* deur Sinode 2017 voorlopig goedgekeur vir gebruik in eredienste.

SKULDBELYDENIS EN GENADE

# 239 Jesus, Rots vir my geslaan

Je - sus, Rots vir my geslaan, laat my nie ver - lo - re gaan!

U was self van God ver - laat. Laat u ly - ding, son - der maat,

my tot heil wees en tot krag teen die son - de - skuld en - mag.

2  
En ek self – wat kan ek doen  
om my sonde te versoen?  
Sou my hart met ywer gloei,  
sou my trane ewig vloei –  
nòg gebede, nòg geween  
kan my red, Heer; U alleen.

3  
Leeg, net met my sondelas,  
hou ek u verdienste vas.  
Ek kom om vergewing vra;  
U het ook my skuld gedra!  
U, geslaan tot heilsfontein,  
wás my, Heiland, maak my rein!

4  
Heer, my Rots, bo almal groot  
staan U vas in elke nood.  
Trou van mense kom en gaan,  
maar U bly onwrikbaar staan.  
Eew'ge Rots, U laat ook my  
veilig, ewig in U bly!


Teks: Rock of ages cleft for me - Augustus Toplady 1776; GBA Gerdener 1931; gewysig Attie van der Colf 1978  
Musiek: PETRA - Richard Rothhead 1853




## 241 Troue Here van my lewe



Trou-e He-re van my le-we, God by wie ek vre-de vind;



Va-der wat my skuld ver-ge-we, dank-baar leef ek as u kind.



Vrees vir straf laat my nie wei-fel, want u lief-de laat geen twy-fel;



ja, ek weet in son-de-smart: U is troos-ter van my hart.

2  
 U die kenner van ons harte,  
 sien my skuld en ken my nood.  
 Ek treur, vol berou en smarte,  
 want my sonde bring die dood.  
 Ja, U sien my hart se wonde,  
 sien my ly oor al my sonde.  
 Christus laat my voor U staan,  
 deur sy bloed neem U my aan.

3  
 Deur u Seun skenk U genade,  
 in geloof neem ek Hom aan.  
 Hy verlos my van die kwade;  
 Hy sal altyd met my gaan.  
 Al is ek in skuld gebore,  
 is ek in Hom uitverkore  
 vóór u Woord in skeppingsmag  
 nag geskei het van die dag.

Teks: *Schweiget, bange Zweifel! Schweiget!* - Johann Schlegel 1769; Ahasverus van den Berg 1806; GBA Gerdener 1931; ACB 1944;  
 gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig René Marais 2001  
 Melodie: *Alle Menschen müssen sterben* - Duits E16; C Anton ca 1640; geestelik Darmstadt 1687; aangepas 1806  
 Harmonisasie: Werkgroep Kerkmusiek UOVS 1978. Alternatiewe harmonisasie: Lied 573

## 244 Alles, alles is genade

Al - les, al - les is ge - na - de, on - ver - dien - de guns al - leen.  
Die ver - los - sing uit die kwa - de kan net U, o God, ver - leen.

U het ons reeds lank te - vo - re as u ei - en - dom be - kou;

ons in Chris - tus vas - ge - hou. In Hom is ons uit - ver - ko - re.

Ons sal oor u lief - de juig, dank - baar van u guns ge - tuig.

2

Christus kom deur u ontferming,  
deur Hom reik U ons die hand.  
U neem sondaars in beskerming –  
liefde ver bo ons verstand!  
Christus red ons deur sy dade;  
Hy laat ons u liefde sien –  
liefde wat ons nooit verdien.  
Hy herskep ons uit genade.  
**Ons sal oor u liefde juig,  
dankbaar van u guns getuig.**

3

Ons ontvang u Gees as gawe.  
Wie kan ooit dié wonder peil?  
Skuldiges en sondeslawe  
word verseker van u heil.  
Heer, u Gees beseël die waarheid  
dat ons nou u kinders is –  
ons verlossing is gewis.  
Deur u Gees borg U ons vryheid.  
**Ons sal oor u liefde juig,  
dankbaar van u guns getuig.**

4

Aan die einde van my lewe  
sal u liefde my omvou.  
Waar my moed my wil begewe,  
dra U my steeds in u trou.  
In my doodsangs en beklemming  
sien ek Christus aan die kruis,  
reik ek na die vaderhuis –  
dis ons ewige bestemming.  
**Ons sal oor u liefde juig,  
dankbaar van u guns getuig.**

## 273 Laat my met U verenig lewe

Laat my met U ver - e - nig le-we, U wat die wa - re wyn - stok is;

u krag gee my voortdu - rend le-we; bewaar my van ver-der - fe - nis.

Deurstroom, be - siel en se - ën my so-dat ek al - tyd vrug-baar bly.

2

Word elke loot nie reg gesnoei nie,  
sal daar net wilde lote skiet.  
Die druwestok sal nie kan bloei nie,  
die rank en loot geen vrugte bied.  
Die wyse wynboer ken sy snoei  
sodat die druif al voller groei.

3

Geen groeikrag kom deur eie strewe,  
niks kan ek sonder U, o Heer;  
in u gemeenskap bloei my lewe  
en word die lewensvolheid meer.  
Ek wil aan U verbonde bly –  
bly U, o Here, steeds in my.

4

Nee, Heer, van U wil ek nie skei nie,  
U wat die ware wynstok is.  
As ek nie in u liefde bly nie,  
is ek 'n loot wat vrugloos is.  
Gee dat ek altyd vrugbaar bly  
en U verheerlik word in my.

JOHANNES 15

DOOP

# Dit is my troos dat ek gedoop is 290

Dit is my troos dat ek ge - doop is, dat ek ge-doop is in u Naam,

want deur die doop is ek ver - se - ker dat U in guns U nooit nie skaam

as Va - der, Seun en Heil'-ge Gees om ook my God ge - noem te wees.


2  
Dit is my troos dat U as Vader  
Uself in trou aan my verbind  
en dat U in u milde liefde  
my neem as erfgenaam en kind;  
dat U die kwaad van my wil weer  
of anders tot my beswil keer.

3  
Dit is my troos dat U, Heer Jesus,  
as Seun my deur u bloed wil was;  
dat U my inlyf in u sterwe  
en vrymaak van my sondelas;  
dat U my met U óp laat staan  
en op 'n nuwe weg laat gaan.

4  
Dit is my troos dat U vir ewig,  
o Heil'-ge Gees, in my wil woon.  
U wil my heilig en steeds voller  
die beeld van Christus laat vertoon.  
So maak U tot my eiendom  
als wat ek reeds besit in Hom.

Teks: WD Jonker 1978 / 2001  
Melodie: *O daß ich tausend Zungen hätte* - Johann König 1738  
Harmonisasie: Werkgroep Kerkmusiek UOVS 1978  
Alternatiewe harmonisasie: Lied 459

# Aanbiddelike God, drie-enig 305



Aan-bidde-li-ke God, drie-e-nig, neem aan die dank wat ons U bring.



In lief-de is ons hier ver-e-nig - u lief-de bou ons onder-ling.



Deur die verbond van u ge-na-de het U ons aan U self ver-bind -



só kan u kinders, trou-e Va-der, die vast-heid van vertrou-e vind.

2

Deur één Verlosser is ons harte  
in doop en om die tafel één;  
één Gees wil ons in vreug en smarte  
sy blydschap skenk en hulp verleen.  
Dis één geloof waardeur ons lewe;  
één hoop wat ons versterk in stryd;  
één liefde wat ons nooit begewe,  
wat bly vir tyd en ewigheid.

tekst: Zie ons tesaam uw' naam belijden - Abraham Rutgers 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

melodie: Psalm 118 - Straatsburg 1545 / Genève 1551

harmonisasie: HPA Coetzee 1976

alternatiewe harmonisasie: Psalm 66

# 305

3. Gee krag, o Heer, aan hierdie le - de    waar hul - le nou u Naam be - ly.

Mag hul ge-loof en hoop en lief - de    hul le-we lank di-na-mies bly.

Laat doen hul, Heer, die goeie wer - ke    deur Christus reeds vir ons be - rei;

bly in-spi-reer hul met u sterk - te    dat hul die lewenskroon ver-kry.

4  
 Heer, heilig ons steeds in u waarheid;  
 dié waarheid maak ons waarlik vry.  
 U Woord, in sy volkome klaarheid,  
 gee lig wat op die pad ons lei.  
 Deur duister nagte, helder dae,  
 is U die gids van ons geloof;  
 U rig ons na u welbehae  
 dat ons beleef wat U beloof.

PINKSTER

# 430 Kom, Skepper-Gees

Kom, Skep-per-Gees, be-soek u kerk, U wat ver - nu - we, ons ver - sterk.  
Vul self u skepping, Heil'ge Gees, met krag op hier-die Pinkster-fees.

The image shows a musical score for the hymn 'Kom, Skepper-Gees'. It consists of two systems of music. Each system has a vocal line (treble clef) and a piano accompaniment line (bass clef). The key signature is one flat (B-flat major or D minor), and the time signature is 4/4. The lyrics are written below the vocal line.

2  
U is die trooster wat ons lei,  
geskenk van God wat by ons bly!  
U, Lewensbron, van bo gestuur,  
deurgloei ons met u liefdevuur!

4  
Gee helder lig aan ons verstand  
en laat u liefde in ons brand.  
Ons self is nog so swak, ons wag  
dat U ons sterk met Pinksterkrag.

6  
Gee dat ons geest'lik helder sien,  
die Vader, Seun in waarheid dien.  
O Gees, van albei uitgegaan,  
U't ons kom troos, by ons kom staan.

3  
Bestraal ons, Bron van alle lig,  
en toon ons God se aangesig.  
Deur U geheilig, spreek ons mond,  
eer ons u dade oral rond.

5  
Help ons die vyand teen te staan,  
in vrede op ons pad te gaan.  
Trek U as leidsman voor ons uit,  
word alle bose mag gestuit.

7  
**Kom, Skepper-Gees, besoek u kerk,  
U wat vernuwe, ons versterk.  
Vul self u skepping, Heil'ge Gees,  
met krag op hierdie Pinksterfees.**

Teks: *Veni, Creator Spiritus* - Hrabanus Maurus 809; Martin Luther 1524; Izak de Villiers 1978 en André Hugo 1978 (postuum)  
Melodie: *Komm, Gott Schöpfer, Heiliger Geist* - Kempton ca 1000; Erfurt 1524; Martin Luther 1529  
Harmonisasie: Werkgroep Kerkmusiek UOVS 1978



# O Gees van Vader en van Seun 431

O Gees van Vader en van Seun, ons voerspraak, leidsman, krag en steun,

U, vul ons diepste hartsverlan - ge, U kom ons in die waarheid lei,

U leer ons bid, kom by ons bly - U loof ons met ons lof-ge-san - ge!

Wil steeds die goei - e in ons werk, be - waar, vermeerder en ver - sterk.

2

U maak die Skrifte vir ons oop;  
 bekeerdes, deur die Gees gedoop,  
 ontvang met blydschap skuldvergewing.  
 Verlos, na liggaam en na gees,  
 deel hul vol vreugde in die fees.  
 God gee 'n nuwe heilsbedeling!  
 Saam breek ons brood, één in gebed,  
 saam loof ons God wat ons kom red.

Teks: O Geest van Vader en van Zoon - Ahasverus van den Berg 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001  
 Melodie: Psalm 84 - Genève 1562  
 Harmonisasie: Winfried Lüdemann 2001  
 Alternatiewe harmonisasie: Lied 489

PINKSTER

# 435 Heil'ge Gees, U bou 'n tempel



Heil' - ge Gees, U bou 'n tem - pel deur die Woord wat krag-tig werk.  
U lei men - se tot be - ke - ring, bou so, wê - reldwyd, u kerk.



U kom lei ons in die waarheid; men-se vind hul Va - der weer.



O - ral sing hul lof en eer. Hul loof U in al - le ta - le:



Hal - le - lu - ja! Loof die Heer! Loof die Heer! Hal - le - lu - ja!

2  
Heil'ge Gees, ons gids tot lewe,  
bring ons in u waarheid saam –  
dan vereer ons, God se kinders,  
hartlik saam die Vadersnaam.  
Maak ons vry van elke dwaling,

vry van alle valse leer,  
een in Christus, in ons Heer.  
Ons sing saam ons lofgesange.  
God drie-enig, U die eer.  
Halleluja! Loof die Heer!

Teks: *Veni, Sancte Spiritus*: voor-reformatories; Martin Luther 1524; Jan Jacob ten Kate 1868; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001  
Melodie: *Sollt ich meinem Gott nicht singen* - Johann Schop 1641; Christian Witt 1715 (aangepas)  
Harmonisasie: Werkgroep Kerkmusiek UOVS 1978

## O Heer, u laaste woorde 485

O Heer, u laas-te woor - de dig - by Je - ru - sa - lem,

kom deur die loop van eeu - e soos met u ei - e stem:

"Aan My, wat dood oor - win het, is al - le mag ge - gee;

die heil wat Ek ge - bring het - gaan deel dit ver - der mee!"

2  
O Heer, u laaste woorde  
as eerste sendeling,  
het oor die hele wêreld  
bevrydend uitgekring:  
"Gaan oral en verkondig,  
deur lewe, woord en doop,  
vergifnis van die sonde,  
verlossing uit die dood."

3  
Maak deur u laaste opdrag  
wat soveel vreugde bring,  
ons arbeid tot 'n seën;  
laat liefde ons ook dring.  
Bring mense tot bekering,  
wil u gemeente bou.  
En laat ons, Heer, u lering  
van harte onderhou.

## FRCSA CHURCH BOOK SEPEDI SECTION

Your Deputies Stated Clerk (DSC) are aware of the fact that Deputies Liturgical Forms and Form Prayers (DLFFP) are in the process of preparing a re-print of the SePedi Church Book: "Puku Ya Kereke", which includes various church documents in the SePedi language.

We suggest that some of those documents should be included in this Church Book, but as the re-printing process of "Puku Ya Kereke" was not yet finished at the time of writing this report, we are not able to insert any of those documents at this stage.

Based on information from DLFFP however, we are able to give an indication of which documents, in the SePedi language, will become available in the near future for inclusion in this Church Book, being:

- Reformed Confessions
- Liturgical Forms
- FRCSA Church Order

In order to be in line with the Afrikaans and English sections of the Church Book, we propose that the following documents should also be considered for translation into the SePedi language, in order to be included in this Church Book:

- Form Prayers
- Order of Worship services
- FRCSA Rules of Synod
- Rules for Sister church relations
- Sotho songs

Deputies Liturgical Music (DLM) were mandated by Synod 2021 to: "form a sub-committee with members of the Sotho-speaking churches, which will work on evaluating the 'Difela tsa Sione' hymns and psalms according to the Synod 2011 criteria with a view to standardising the songs." (Art. 28, Acts of Synod 2021).

As we assume that Synod 2024 has to decide about the proposals by DLM before any specific list of songs for use in the Sotho speaking FRC churches can be published, we propose to mandate new DSC to finalise this item after Synod 2024.

## **Appendix 2: Interim Report by Deputies Stated Clerk & Archive to Indaba 2023**

### **INTERIM REPORT OF DEPUTIES STATED CLERK AND ARCHIVE FOR INDABA 2023 OF THE FREE REFORMED CHURCHES IN SOUTH AFRICA, TO BE HELD ON THE 17<sup>TH</sup> AND 18<sup>TH</sup> OF FEBRUARY 2023.**

#### **Deputies:**

Synod Belhar, 2021, appointed as Deputies brs. A. Smit and C. Roose (Art. 32 of the Acts of the 40<sup>th</sup> Synod of the Free Reformed Churches in South Africa).

#### **Mandate supplied by the 40<sup>th</sup> Synod of the Free Reformed Churches in South Africa, convened by the FRC Belhar 12 – 16 April 2021:**

1. To arrange the printing and publishing of the Acts of Synod 2021.
2. To request appointed deputies to provide information regarding the progress on their mandate on a regular basis to the churches.
3. To conduct, upon the instruction from synod or convening church, the administration of the synod.
4. To act as the archivist in collaboration with the archive church and to implement an archiving system.
5. To Mandate the Stated Clerk to publish the newly adopted Rules of Synod, together with other church federation documents, as indicated by FRCSA Synods of 2008 up to 2021, in a suitable form.
6. To coordinate with all other deputyships for the compilation and electronic publishing of a 'Church Book' in English and Afrikaans consisting of all church federation documents.
7. To investigate the need for the translation of the above 'Church Book' in any other official language.
8. To handle administrative matters during the period between synod meetings on behalf of the Free Reformed Churches of South Africa.
9. To investigate and to start implementing an electronic archiving system for all electronic available documents to be used by the churches.
10. To submit an interim report for discussion during the Indaba to be held end 2022 or beginning 2023.
11. To submit a report to the next synod and formulate recommendations according to Article 10 and 11 of the Synod Rules.

#### **Execution of mandate:**

The deputies did meet on a regular basis ( either in person or through electronic media ) and can confirm the following as per the mandate above.

1. Printing, publishing and distribution of the Acts of Synod 2021 were finalised during early 2022.
2. To request appointed deputies for information regarding the progress of their activities, is normally done between an indaba and the following Synod and deputies intend to attend to this task from now on.
3. Conducting the administration of the coming synod will only become necessary in a later stage.
4. Archiving activities are ongoing and br. Roose intends to finalise the implementation of an archiving system as his personal task, before the next synod.

5. Publishing newly adopted church federational documents is in process and deputies are working on a 'church book' containing the following documents (at this stage only in Afrikaans and English):
  - Church order;
  - Rules of Synod;
  - Rules for sister church relations;
  - Liturgical Forms and Form Prayers;
  - Order for worship services ;
  - Approved hymns for use in worship services (Afrikaans only).
6. Co-ordination with other deputyships for the compilation of an electronic 'church book' is not done yet, but deputies intend to attend to that before the next synod.
7. The need for translations in other languages is not yet investigated, but co-ordination with other deputyships (see point 6 above) will most probably provide the required information.
8. Your deputies were involved in handling administrative matters on behalf of the FRCSA, regarding the registration of some FRC ministers as marriage officers.
9. Your deputies did not yet attend to the implementation of an electronic archiving system, but intend to look into that matter.
10. Your deputies herewith comply with mandate 10 by submitting this report.
11. Your deputies intend to submit their report to Synod 2024 at least six month prior to the next synod.

**Ad Smit**  
**Deputy**



**Kees Roose**  
**Deputy**